



eduresourceza.com



Downloaded from eduresourceza.com

OPvoedkundige LETterkunde



Hoopvol

e-Antwoordgids

Afrikaans Eerste Addisionele Taal



. Motiveer . Inspireer . Presteer .



SeiKlo
PUBLISHERS UITGEWERS

Z. Kloppers & M. Seigels

Downloaded from eduresourceza.com



www.seiklo.co.za



Downloaded from eduresourceza.com

Hoopvol

e-Antwoordgids

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

HIERDIE



OPvoedkundige LETterkunde

ANTWOORDGIDS BEHOORT AAN:

My Naam: _____

My Skool: _____

My Graad/Klas: _____

My Onderwyser: _____

Kontak my: () _____

'n Publikasie deur SeiKlo Uitgewers

Z. Kloppers & M. Seigels

Downloaded from eduresourceza.com

ISBN-13: 978-1-775990-57-4

Op-Let *Hoopvol* (EAT) e-Antwoordgids vir gebruik met
Op-Let *Hoopvol* (EAT) Handleiding en Gids, Op-Let *Hoopvol* (EAT) Onderwysersgids
en met *Hoopvol* deur Derick van der Walt.

Uitgee deur SeiKlo Uitgewers (Edms.) Bpk.

PostNet Suite #266, Privaatsak X18, Rondebosch 7701 Wes-Kaap, RSA



Alle regte streng voorbehou.

ISBN-13: 978-1-775990-57-4 (enkel)

ISBN-13: 978-1-775990-62-8 (2-in-1 met *Toulopers*)

ISBN-13: 978-1-775990-83-3 (2-in-1 met *Skreeu*)

Kopiereg © Publikasie: SeiKlo Uitgewers (Edms.) Bpk.

Kopiereg © 2015 Oorspronklike Teks: Z. Kloppers en M. Seigels

Kopiereg © 2015 Aanvullende Teks: Z. Kloppers en M. Seigels

Projekkoördineerder: Z. Kloppers en M. Seigels

Manuskriptontwikkeling: Z. Kloppers en M. Seigels

Boekontwerp en omslagontwerp;

Omslagkunswerk en omslagtipografie;

en Grafiese uitleg en Illustrasies:

Antigone Design Studio

Tipografie en Elektroniese Setwerk: Antigone Design Studio

Gedruk en gebind in Kaapstad, Suid-Afrika

Eerste uitgawe, eerste druk 2015

Die regte om erken te word as die uitgewer, skrywer en samesteller van hierdie werk word hiermee bevestig.

Geen deel of gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die skriftelike verlov van die uitgewer en houer van die kopiereg in ooreenstemming met die bepalings van die Kopieregwet, 1978 (soos gewysig) gereproduseer, opnuut uitgegee, hergebruik, herdruk, versprei of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopieëring, plaat-, band, laserskyf- en digitale videoskyfopname, vermikrofilming of enige ander stelsel vir inligtings- bewaring en ontsluitingstelsel of op enige manier of wyse gestoor word hetsy vir kommersiële of nie-komersiële doeleindes.

Enige persoon wat enige ongemagtigde handeling in verband met hierdie publikasie pleeg, stel hom/haar onderworpe aan strafregtelike kriminele vervolging en siviele aksie en eise om skadevergoeding.

Kontak skriftelik vir toestemming en goedkeuring.

Alle redelike pogings is aangewend om met kopiereghouers van materiaal wat in hierdie publikasie gebruik is, in verbinding te tree. In sekere gevalle kon die uitgewer egter nie die kopiereghouer of sy/haar verteenwoordiger opspoor nie. Die uitgewer vra om verskoning indien daar op enige wyse inbreuk op kopiereg gemaak is en onderneem om dit reg te stel in die geval van 'n herdruk van hierdie publikasie. Indien enige reg per abuis geskend is, nooi ons kopiereghouers uit om met SeiKlo Uitgewers in verbinding te tree sodat die nodige regstellings gemaak kan word.

Dit is onwettig om enige gedeelte van hierdie publikasie te kopieer of reproduseer of parafraseer.

Ons versoek alle gebruikers om die intellektuele eiendom van die uitgewer en die skrywer(s) te respekteer.

Doen die regte ding: ondersteun publikasies soos hierdie en koop die boek.

Hoopvol

e-Antwoordgids

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

'n Publikasie deur Seiklo Uitgewers

Z. Kloppers & M. Seigels

ISBN-13: 978-1-775990-57-4



Help ons asseblief in die stryd om die bekamping van oortreding van ons intellektuele eiendom regte:
stuur 'n e-pos aan info@seiklo.co.za of besoek ons aanlyn by www.seiklo.co.za vir kontakbesonderhede.

Doen die regte ding: ondersteun publikasies soos hierdie en koop die boek.

Jou Op-Let e-Antwoordgids

Hierdie Op-Let e-Antwoordgids bevat antwoorde vir kontekstuele vrae, paragraaf- en opsteltype vrae, en leidrade en/of wenke vir die Blink Planne™ opdragte en oefening, wat jy benodig met die studie en begrip van die roman, sowel as jou voorbereiding vir toetsreekse en die letterkunde-eksamen.

Die antwoorde dien as riglyn vir formele assessering en/of self-assessering. Die antwoorde is per hoofstuk georganiseer. Deurgaans is gestreef om die antwoorde so verklarend moontlik te maak.

Op-Let

is 'n akroniem vir

OPvoedkundige **LET**terkunde

en dit is presies wat Seiklo bevorder met die Op-Let Reeks vir Afrikaans literatuurstudie.

Lees jou Voorgeskrewe Werk

Bestudeer jou Op-Let Handleiding en Gids!

Gebruik 'n Woordeboek
(in boekformaat of aanlyn)

ONTHOU!

Lees en bestudeer jou
Op-Let Handleiding en Gids
én jou voorgeskrewe werk!

Besoek Seiklo Uitgewers aanlyn vir ekstra hulpbronne!

www.seiklo.co.za



Skandeer die QR-Kode met jou slimfoon en besoek die SeikloZone vir

Hoopvol

Geniet en benut jou Op-Let Antwoordgids!

Die doel met hierdie Antwoordgids is nie om die finale antwoord te bied nie.
'n Antwoord is soms oop vir interpretasie. In die Antwoordgids word daar dus duidelike aanduidings gegee waar alternatiewe antwoorde of interpretasies moontlik is.

Ondersoek altyd alternatiewe antwoorde of interpretasies!

Hou 'n aantekeningboek byderhand waarin jy prikkende inligting neerskryf. Voeg sommer ook jou eie menings by.

Dit is onwettig om enige gedeelte van hierdie publikasie te kopieer of reproduiseer of parafraseer.

Ons versoek alle gebruikers om die intellektuele eiendom van die uitgewer en die skrywer(s) te respekteer.

Doen die regte ding: ondersteun publikasies soos hierdie en koop die boek.

Downloaded from eduresourceza.com

info@seiklo.co.za • www.seiklo.co.za • orders@seiklo.co.za

Inhoudsopgawe

DEEL

I

Kort Vrae & Paragraaftipe Vrae

01

DEEL

1.1 DEEL I	03	1.1.14 Hoofstuk 14	
1.1.0 Proloog		Kort Vrae in Konteks	38
Kort Vrae in Konteks	04	1.1.15 Hoofstuk 15	
1.1.1 Hoofstuk 1		Kort Vrae in Konteks	40
Paragraaftipe Vraag	05	1.1.16 Hoofstuk 16	
Kort Vrae in Konteks	06	Kort Vrae in Konteks	42
1.1.2 Hoofstuk 2		1.1.17 Hoofstuk 17	
Kort Vrae in Konteks	08	Kort Vrae in Konteks	44
1.1.3 Hoofstuk 3		1.1.18 Hoofstuk 18	
Kort Vrae in Konteks	10	Paragraaftipe Vraag	47
1.1.4 Hoofstuk 4		Kort Vrae in Konteks	48
Paragraaftipe Vraag	13	1.1.19 Hoofstuk 19	
Kort Vrae in Konteks	14	Kort Vrae in Konteks	51
1.1.5 Hoofstuk 5		1.1.20 Hoofstuk 20	
Kort Vrae in Konteks	16	Kort Vrae in Konteks	54
1.1.6 Hoofstuk 6		1.1.21 Hoofstuk 21	
Kort Vrae in Konteks	18	Kort Vrae in Konteks	56
1.1.7 Hoofstuk 7		1.1.22 Hoofstuk 22	
Paragraaftipe Vraag	21	Kort Vrae in Konteks	60
Kort Vrae in Konteks	22	1.2 DEEL II	63
1.1.8 Hoofstuk 8		1.2.1 Hoofstuk 1	
Kort Vrae in Konteks	24	Kort Vrae in Konteks	64
1.1.9 Hoofstuk 9		1.2.2 Hoofstuk 2	
Kort Vrae in Konteks	26	Kort Vrae in Konteks	66
1.1.10 Hoofstuk 10		1.2.3 Hoofstuk 3	
Kort Vrae in Konteks	28	Kort Vrae in Konteks	68
1.1.11 Hoofstuk 11		1.2.4 Hoofstuk 4	
Paragraaftipe Vraag	31	Kort Vrae in Konteks	70
Kort Vrae in Konteks	32	1.2.5 Hoofstuk 5	
1.1.12 Hoofstuk 12		Kort Vrae in Konteks	72
Kort Vrae in Konteks	34	1.2.6 Hoofstuk 6	
1.1.13 Hoofstuk 13		Kort Vrae in Konteks	74
Kort Vrae in Konteks	36		

1.2.7	Hoofstuk 7		1.2.10	Hoofstuk 10	
	Kort Vrae in Konteks	76		Kort Vrae in Konteks	82
1.2.8	Hoofstuk 8		1.2.11	Hoofstuk 11	
	Kort Vrae in Konteks	78		Kort Vrae in Konteks	84
1.2.9	Hoofstuk 9		1.2.12	Nagedagte	
	Kort Vrae in Konteks	80		Kort Vrae in Konteks	88

HOOPVOL

“Die hoop beskaam nie.”

(Ontleë aan Romeine 5:5 in die Bybel.)



Die byvoeglike naamwoord “hoopvol” beteken “glo dat waarop jy hoop, waarskynlik sal gebeur”; “met hoop vervul; wat goeie verwagtings het”; “wat hoop gee; wat goeie verwagtings opwek”.

Die teenoorgestelde van “hoopvol” is “hopeloos”.

Die byvoeglike naamwoord “hopeloos” beteken “waarvoor daar geen hoop is nie; sonder enige belofte van hoop; wat twyfel aan die vervulling van wense, drome of verwagtinge; wanhopig”.



OPvoedkundige LETterkunde



Antwoorde & Oplossings

Kort Vrae in Konteks
& Paragraaftipe Vrae



. Motiveer . Inspireer . Presteer .



Blink Planne vir Klaskamerspanne™

DEEL I: Die Motto

Let Op: Lees aandagtig deur die Blink Plan™ sodat jy weet waarop jy moet let.

Lesersrespons: Eie mening. / Oop vir eie interpretasie. Onthou: bespreek kortliks in paragraafvorm.

Lined area for student response.

DEEL I

One look at love
And you may see
It weaves a web
Over mystery,
All raveled threads
Can rend apart
For hope has a place in the lover's heart.
Hope has a place in a lover's heart.

("Hope has a place", Enya)





Kort Vrae in Konteks

Proloog


Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Dit is aand / nag.
2. Antwoord:
Hy het 'n sussie / jonger suster gehad.
3. Antwoord:
Daar word verwys na hulle "brandende lywe" (bl. 7). Die huis was aan die brand / in vlamme (bl. 7).
4. Antwoord:
"wat binne minute voor sy oë in die vlamme verdwyn" (bl. 7)
5. Antwoord:
Hy sien: hulle huis en hulle goed (besittings) wat in die vlamme verdwyn (verbrand / vernietig is).
Hy sien: die klomp (groot skare) mense wat voor hulle brandende huis saamdrom (vergader).
Hy sien: hoe tannie Pop (die buurvrou / "van langsaaan") aanhoudend, maar geluidloos skree.
Hy ruik: sy ma en sy sussie se lywe wat in die vuur verbrand / die reuk van hulle brandende lywe.
Hy voel: hoe die hare op sy arms van die vuur/vlamme se hitte skroei.
- 6.
- 6.1 Antwoord:
Hy het geweet dat hy op die een of ander manier by die varsproduktemark in Pretoria moes uitkom.
- 6.2 Antwoord:
Hy onthou dat hy heeltemal seker was dat daar niks meer vir hom oorgebly het in Johannesburg nie.
7. Antwoord:
Die handsak is groen. Dit is van nagmaakte volstruisleer gemaak.
8. Antwoord:
"blindelings" (bl. 7)
9. Antwoord:
Hopeloos. Die proloog beeld verlies (dood) en vernietiging uit. Die gebeure is tragies / traumaties.

Paragraaftipe Vraag

“Geleentheid? Big deal.”

Let Op: Lees aandagtig deur die paragraaftipe vraag sodat jy weet waarop jy moet let.



Lesersrespons: Oop vir eie interpretasie. Onthou: paragraafvorm.

Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 150 woorde oorskry nie.

Let wel (moontlike lesersrespons):

Nathalie is verveeld en moeg. Sy werk lang ure/skofte by die hotel. Dit is duidelik dat sy nie eintlik daar wil wees nie. Tannie Lettie (die hoteleienaar) het groot planne vir Nathalie, maar Nathalie stel nie belang in dié “planne en strewes” nie. Sy dink nie dat sy geëerd moet voel om deel te wees van tannie Lettie en die burgemeester (Laetitia) se “binnekring” nie. Sy beskou dit nie as veel van ’n geleentheid om vir haarself “’n lewe in ’n simpel hotel” in die Karoo te maak nie. Sy wil meer uit die lewe hê. Daar is egter nie baie werksgelenthede op Hoopvol nie. Sy werk waarskynlik by die hotel omdat dit die enigste plek is waar sy werk kon kry. Sy is dankbaar dat sy die werk kon kry en wonder of sy nie tog iets moet maak van die werksgelentheid nie. [144 woorde]

Psst!

Doen beplanning en stel ’n woordeskattys saam. Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 150 woorde oorskry nie. Onthou: paragraafvorm.

[20 punte]



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 1

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Rose and Crown
2. Antwoord:
Tannie Lettie is die hoteleienaar. Laetitia is die burgemeester.
3. Antwoord:
Brandewyn / "Braniwalia" (bl. 9)
4. Antwoord:
"Tannie Lettie hou die leë glas na Nathalie [...]" / "En sê vir Lukas meer ys." (bl. 9)
5. Antwoord:
Sy staar stip deur die Rose and Crown-hotel se venster na Hoopvol se hoofstraat. Sy reageer nie wanneer tannie Lettie met haar praat nie. Sy antwoord nie wanneer tannie Lettie haar 'n vraag vra nie.
6. Antwoord:
"verveeld" (bl. 9)
7. Antwoord:
Dit is reeds na sesuur in die aand (bl. 9), maar Nathalie is nog aan diens (by die werk). Nathalie was reeds voor sesuur in die oggend (bl. 10) aan diens (by die werk).
8. Antwoord:
Sy moet nog daardie selfde aand (d.w.s. na werk) mevrou Chalmers-hulle se wasgoed was" (bl. 10)
9.
 - 9.1 Antwoord:
Ja. "Ek het mos vir jou gesê ek dink sy het potensiaal." (bl. 10) / "Ek sê mos jy't potensiaal." (bl. 11)
 - 9.2 Antwoord:
Nee. "Jy moet dalk so 'n bietjie ambisie aanleer." (bl. 11)
 - 9.3 Antwoord:
Nee. Sy sê sarkasties "Geleentheid? Big Deal." (bl. 11) / Geleentheid? Dit beïndruk my nie.

10. Antwoord:

Daar is net een teerstraat (die hoofstraat) waarlangs "enkele besighede" (bl. 11) geleë is. Die besighede maak vroeg toe. Na sesuur in die aand is die hoofstraat stil en verlate, want die besighede maak vroeg (voor 6nm) toe. / Na sesuur ry "mense eintlik nie meer in die dorp rond nie" (bl. 11). Daar's een stopstraat "in die middel van die dorp." (bl. 12)

11.**11.1 Antwoord:**

Waar. Gielie glo nog aan 'n wonderwerk (dat hy en Nathalie romanties by mekaar sal betrokke raak).

11.2 Antwoord:

Onwaar. Jorrie is van die arm deel van die dorp aan die onderkant van die spoorlyn (bl. 13).

12. Antwoord:

Hulle besef die "handjievol [van hulle] wat oorgebly het, gaan nêrens heen nie" (bl. 14). / Hulle besef dit is hulle lot om op Hoopvol te bly. / Daar is nie 'n beter toekoms vir hulle nie. / Hulle gaan niks meer bereik of noemenswaardig doen nie. / Daar is niks vir hulle om na uit te sien nie.

13. Antwoord:

Die "reuse-sandsteenkerk in die middel van die dorp, met die lang vinger van God wat die lug in wys" (bl. 12).

14. Antwoord:

Agtien (18). Sy woon "al die afgelope agtien jaar van haar lewe" in Olive Schreinerstraat (bl. 14). Sy het ook die vorige jaar matriek voltooi (klaargemaak).

15.**15.1 Antwoord:**

Hulle is Nathalie se wettige voogde.

15.2 Antwoord:

Nathalie is 'n weeskind Albei haar ouers is vyf jaar gelede oorlede in 'n (motor)ongeluk (bl. 14).

16.**16.1 Antwoord:**

Sy is gaaf en moederlik teenoor die gemeente.

16.2 Antwoord:

Nee. Sy is onbarmhartig teenoor Nathalie. By die huis laat werk sy Nathalie vir die feit dat sy en haar man vir Nathalie ingeneem het (daarom moet Nathalie die wasgoed was). Sy herinner Nathalie daaraan dat sy dankbaar moet wees dat hulle haar ingeneem het.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 2

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Ben is die seun in die Proloog wie se ma en suster in die huisbrand gesterf (doodgebrand) het.
2. Antwoord:
Die trein ruk skielik.
3. Antwoord:
"verward" (bl. 16)
4. Antwoord:
"verdwaas" (bl. 16)
5. Antwoord:
"Vir 'n oomblik weet hy nie waar hy is nie." (bl. 16)
6. Antwoord:
"oorkant"
7. Antwoord:
appels
8. Antwoord:
Sy is dankbaar omdat Ben haar appels opgetel het, bymekaar gemaak het en weer in haar sak gesit het.
9. Antwoord:
"Sy tande begin onbedaarlik op mekaar klap." (bl. 16)
10. Antwoord:
Die verbrande lyke van Ben se ma en suster.
11. Antwoord:
"Oom Carlos van oorkant" (bl. 16)
12. Antwoord:
alliterasie (s-klank, g-klank, v-klank)

- 13.** Antwoord:
"hoe die huis deur die vlamme verteer word" (bl. 16) / "Die water wat [...] uit die dik pyp spuit, maar geen kans staan teen die woede van die vlamme nie." (bl. 16)
- 14.** Antwoord:
"bedremmeld" (bl. 16)
- 15.** Antwoord:
Sy ma se groen handsak. Hy druk dit teen sy bors vas omdat dit hom aan sy ma laat dink. / Hy druk dit vas omdat dit hom troos - dit is asof hy aan sy ma vasklou.
- 16.** Antwoord:
Alhoewel Ben se lewe binne enkele oomblikke omgekeer is, speel die tragiese gebeurtenis wat sy lewe omkeer stadig voor hom af. Dit is asof tyd stilstaan en sy hartverskeurende oomblik vir ewig vasgevang word. Dit voel vir hom asof hy vir die res van sy lewe hierdie oomblik gaan herleef / asof daar nooit 'n einde gaan wees aan hierdie oomblik nie. Hierdie oomblik het 'n blywende impak op Ben se lewe: die gang van sy lewe is vir altyd verander.
- 17.** Antwoord:
Oom Carlos het hom probeer troos, maar hy was stereotipes ongemaklik met emosie en het sy arm onhandig om Ben se skouers geslaan. Hy het geen vertroosting aan Ben gebring nie. Tannie Pop het haar arms om Ben geslaan (hom omhels), maar sy het so erg gehuil dat Ben se Themp sopnat geraak het van haar tranes. Toe sy vir hom sê (aanbied) dat hy by haar en haar familie kan kom bly, het hy besef (geweet) dat hy moet weggom. Sy het ook geen vertroosting aan Ben gebring nie. Toe Ben begin huil, het die vrou op die trein langs hom kom sit. Dit is die eerste keer dat hy huil. Sy slaan haar arm om hom en trek hom nader. Hy laat haar toe om hom vas te hou en hom te troos. Die vrou op die trein bring 'n mate van vertroosting aan Ben.
- 18.** Antwoord:
Onwaar. Ben wonder waarheen hy nou moet gaan.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 3

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Hy is besig om met haar te flankeer, maar sy stel nie belang in hom of sy flirtasies nie. / Sy probeer hom ignoreer, maar hy probeer sy aandag op haar afdwing.
2. Antwoord:
Nathalie vervies haar vir hom en sê "Ag man, get a life [kry 'n lewe]!", maar hy ignoreer haar. Hy flankeer met haar. Hy tree wellustig op en maak ongewenste opmerkings. Hy "leun vooroor met sy gesig baie naby aan hare" (bl. 18). Hy hou haar styf aan haar pols vas en weier om haar te los - al probeer sy haar hand losruk (bl. 18).
3. Antwoord:
Nathalie is nie 'n goedkoop meisie nie (sy is nie te koop nie). Nathalie het 'n sin vir eiewaarde (selfrespek).
4. Antwoord:
Sy kry dit reg om die klokkie op die toonbank met haar regterhand by te kom en dit te lui.
5. Antwoord:
"lui dit vir 'n vale" (bl. 19)
6. Antwoord:
"haar groot lyf steunend" (bl. 19) - sy is oorgewig en raak uitasem wanneer sy loop.
7. Antwoord:
Tannie Lettie wil nie hoor wat Nathalie te sê het nie (sy stel nie belang in wat Nathalie te sê het nie). Sy sê Nathalie moet die "bigger picture [groter prentjie] onthou" (bl. 19), want daar is groter dinge op die spel. Sy sê Nathalie moet haar nie steur aan "orige mans" (bl. 19-20) nie. Sy moet mans eerder gebruik "om [haar] te pas" (bl. 20).
8. Antwoord:
"gifstof vir peste en plaë" (bl. 18) en "nuwe trekkers" (bl. 18)
9. Antwoord:
Dit verwys na gesprekke wat die mense op Hoopvol met mekaar voer. Dit verwys ook na gesprekke waartydens mense hoopvol is (dus, waartydens mense hul wense, begeertes en verwagtinge uitspreek).

10. Antwoord:

Eie mening: Sy is waarskynlik skaam omdat sy 'n prentjie van 'n basies naakte man geteken het. / Sy is waarskynlik skaam omdat sy die man se speedo ingekleur het. Veral met tannie Lettie naby. (Die feit dat sy skuldig voel daaroor dui aan dat sy 'n meisie met goeie morele waardes is.)

11.**11.1** Antwoord:

Die hoeveelheid sout wat in die kos moet kom. Liefie wil hê Mietie moet minder sout in die kos gooi.

11.2 Antwoord:

Veertig jaar.

11.3 Antwoord:

Agt kinders.

11.4 Antwoord:

Liefie sê dat Mietie "[...] dink dit kom nog. Wag maar net" (bl. 21).

12. Antwoord:

"Hoopvol het darem nou 'n bruin burgemeester en als" (bl. 22).

13. Antwoord:

"Mietie se tamatiebredie of lamskerrie" (bl. 22), sowel as die "gekleurde liggies tussen die druiweblare versteek" (bl. 22) wanneer die toeriste saans in die binnehof onder die prieel aandete geniet.

14. Antwoord:

Onwaar. Liefie dink Nathalie is besig om naïef te wees. Sy glo nie hulle kan iets beter maak van Hoopvol en van die Rose and Crown-hotel nie.

15. Antwoord:

Beaufort-Wes en Oudtshoorn

16. Antwoord:

Dit verwys na iemand wat lui, traag, ongedissiplineerd of sonder inisiatief is.

HOOPVOL

“Die hoop beskaam nie.”

(Ontleë aan Romeine 5:5 in die Bybel.)


Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Paragraaftipe Vraag

“Awful, awful.”

Let Op: Lees aandagtig deur die paragraaftipe vraag sodat jy weet waarop jy moet let.



Lesersrespons: Oop vir eie interpretasie. Onthou: paragraafvorm.

Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 150 woorde oorskry nie.

Let wel (moontlike lesersrespons):

Die stemming is oorwegend angstig, verlate, onseker en hartseer. Ben ervaar geweldige trauma oor die huisbrand. Hy sukkel om te slaap. Hy begin bewe van ontsteltenis. Hy voel die heelyd naer en kan niks eet nie - al is hy baie honger. Wanneer hy die worsrolletjie eet, word hy so naer dat hy dadelik opgooi (opbring). Hy sukkel om die beeld van sy ma en suster se verbrande lyke “onder die grys komberse” (bl. 27) uit sy kop te kry. Hy haal gereeld diep asem om homself te kalmeer. Ben is alleen in 'n vreemde plek. Hy raak angstig. Hy is bang en onseker in die stad. Hy is nie seker hoe om uit te kom waar hy wil wees nie. Hy wonder wat hom besiel het om na Pretoria te kom. Hy veg egter teen sy vrees en dink “hy sal nou hier moet deur” (bl. 29). [147 woorde]

Psst!

Doen beplanning en stel 'n woordeskattys saam. Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 150 woorde oorskry nie. Onthou: paragraafvorm.

[20 punte]



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 4

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Hy slaap in een van die toilethokkies van die Pretoria-treinstasie. / In een van die stasie se toilethokkies.
2. Antwoord:
Ben se buurman, Oom Carlos.
3. Antwoord:
"Hy word wakker [...]" (bl. 24).
4. Antwoord:
"gedoef-doef" (bl. 24)
5. Antwoord:
"Hy weet eers nie waar hy is nie." (bl. 24)
6. Antwoord:
Hy het heelnag op die koue sementvloer in die stasietoilet gesit en slaap (bl. 24).
7. Antwoord:
"Sy horlosie sê dis sesuur. Hy moes sedert gisteraand twaalfuur hier gesit het." (bl. 24)
8. Antwoord:
"naar" (bl. 24)
9. Antwoord:
Daar is R680 in sy ma se beursie. Hulle (sy ma, Ben en Elma) se identiteitsboekies wat sy altyd saam met haar gedra het. Drie snesies (sneesdoekies). 'n Sakkie met grimering. Die "spaarsleutel van hulle huis se voordeur aan die beertjie-sleutelhouer wat Elma by die skool se tombola gewen het" (bl. 25).
10. Antwoord:
Hy is nog steeds getraumatiseer deur die gebeure van die vorige aand. Dit veroorsaak dat hy naar raak.
11. Antwoord:
Hy het sy ma ('n vrou se) handsak by hom. Hy vermoed hulle dink hy het dit gesteel.
12. Antwoord:
varsproduktemark / man / kleinerige / rugsak / vyftig rand / noordelike / vêr / reguit

- 13.** Antwoord:
Ben raak weer na. Hy raak so na dat hy dit dadelik opgooi (opbring).
- 14.** Antwoord:
Hy probeer die beeld van die twee hopies onder die grys komberse (d.w.s. die beeld van sy ma en suster se verbrande lyke) uit sy kop dryf. Hy konsentreer op die varsproduktemark en waar dit is - hy klou desperaat vas aan die gedagte.
- 15.** Antwoord:
'n Man met 'n sonbril het gesê dit is baie vêr. Dit is dus beter om 'n taxi soontoe te neem.
- 16.** Antwoord:
"Sy keel trek toe. Wat het hom besiel?" (bl. 28)
- 17.** Antwoord:
Boomstraat en Bloedstraat
- 18.** Antwoord:
Tshwane Fresh Produce Market
- 19.** Antwoord:
Die een gebou van die varsproduktemark is "maklik so groot soos twee rugbyvelde" (bl. 29). Die een gebou van die varsproduktemark is baie (verskriklik) groot. / Die een gebou van die varsproduktemark is massief.
- 20.** Antwoord:
Die varsproduktemark is "'n miernes" (bl. 29). Die varsproduktemark is so besig dat dit metafores vergelyk word met 'n miernes. Dit is dus baie (vreeslik) besig. / Daar is baie mense wat baie besig is.
- 21.** Antwoord:
Ben kom soek na sy pa.
- 22.** Antwoord:
Ben soek sy pa, maar hy weet nie hoe sy pa lyk nie. Hy is ook nie seker wat sy pa se naam is nie.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 5

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
"stiptelik" (bl. 31)
2. Antwoord:
Sy trek mooi, netjies en modieus aan. Sy dra 'n duifgrys snyerspakkie en hoë hakskoene wat sy die jaar tevore in New York gekoop het. Haar uitrusting word voltooi deur 'n Armanisonbril (bl. 31) en 'n "Jakkie Mulder handsak" (bl. 32). Sy is modebewus en ondersteun beide internasionale en plaaslike ontwerpers en produkte, soos die handsak deur Jakkie Mulder (waarskynlik 'n fiktiewe ontwerper).
3. Antwoord:
Een sagte gebakte eier, een snytjie bruin roosterbrood sonder botter, een skyfie gebakte tamatie, 'n varkworsie, 'n takkie pietersielie, swart koffie sonder suiker (bl. 32).
4. Antwoord:
Daar is min vet (botter en melk) en suiker in die burgemeester se ontbyt: dit dui aan dat sy gesondheidsbewus is en/of dat sy bewus is van haar figuur.
5. Antwoord:
Onwaar. Sy spandeer ongeveer 20-minute by die hotel. Sy arriveer stiptelik om 07:25 by die hotel. Sy verlaat min of meer om 07:45 die hotel - dus ongeveer 20-minute later.
6. Antwoord:
Die munisipaliteit is om die hoek van die Rose and Crown-hotel. Tog ry sy tussen die hotel en die munisipaliteit, want dit sou nie goed lyk as iemand van haar status in die hoofstraat af moes loop nie.
7. Antwoord:
Sy "gaan sit steunend" (bl. 32) - sy is oorgewig en gaan sit met baie moeite op die stoel.
8. Antwoord:
Haar hare is grys. "n Grys lok wat uit haar bolla losgekom het [...]" (bl. 33)
9. Antwoord:
"Sy kantel haar kop agteroor (sy lê met haar kop agteroor) en laat rus dit teen die [stoel]" (bl. 33). Sy maak haar oë toe, haal ritmies asem en maak 'n "effense snorkgeluid" (bl. 33).

- 10.** Antwoord:
Die burgemeester se assistent, Sherelene, het 'n dood in haar familie gehad en moet vir 'n week huis toe (na die Baai) gaan. Die burgemeester gaan dus vir 'n week nie 'n assistent hê nie.
- 11.** Antwoord:
Tannie Lettie sê Nathalie moet "môre" (bl. 34), d.w.s. Dinsdag, by die burgemeester gaan werk.
- 12.** Antwoord:
"Liefie rol haar oë [...]" (bl. 34)
- 13.** Antwoord:
Sy weet hy is verlief op haar, maar sy stel nie romanties in hom belang nie. Sy wil hom nie die idee of indruk gee dat sy in hom belangstel of dat hy 'n kans staan nie; dus ignoreer sy hom.
- 14.** Antwoord:
Hy sluit elke middag die polisievangwa/-bakkie. Hy glo daarin om die reëls te volg en "wil 'n voorbeeld stel" (bl. 35) vir die ander mense op die dorp.
- 15.** Antwoord:
Liefie kla omdat Mietie sulke ryk (swaar) kos maak in die Karoo-hitte. Sy dink slaai (ligter maaltye) sal beter (ligter) wees (veral vir middagete).
- 16.** Antwoord:
Sy nooi haarself, Nathalie, Olivia en Sakkie.
- 17.** Antwoord:
"Minoras" verwys na skeerlemmetjies. Dit beteken die persoon wil selfmoord pleeg.
- 18.** Antwoord:
"geswaai" en "gepiepie" (bl. 38)
- 19.** Antwoord:
Sy het nog altyd gewonder hoe dit voel om dronk agter in 'n polisievangwa/-bakkie te sit. Sy meen die meeste mense in Hoopvol het dit al ervaar.
- 20.** Antwoord:
Daar is nie treine so laat in die aand nie, dus hoef hy nie by die treinspoor te stop nie.
- 21.** Antwoord:
Eie mening: Dit is laat in die aand. Sy wil nie die pastoor en sy vrou wakker maak nie. / Sy is bang die pastoor en sy vrou hoor dat sy so laat by die huis kom. Dalk is sy bang dat dit hulle sal ontstel.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 6

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1.
 - 1.1 Antwoord:
Die vertrek is verskriklik groot ("reuse-vertrek" [bl. 41]). Daar is stapels (opmekaar gepakte) vrugte en groente. Die mense is baie besig en skree op mekaar. Almal lyk kwaad ("moerig") vir mekaar.
 - 1.2 Antwoord:
Hy is spyt dat hy op die trein geklim het / weggeloop het sonder om enigiemand te sê. Hy is spyt dat hy nie net tuis gebly het en die situasie by die huis gekonfronteer (die gevolge aanvaar/gedra) het nie.
 - 1.3 Antwoord:
"Welverdiend." (bl. 41)
2.
 - 2.1 Antwoord:
Hy sien dat 'n ouerige man sukkel om sakke groente op sy bakkie te laai. Hy "spring in om te help" (bl. 41).
 - 2.2 Antwoord:
"lendelam" (bl. 41)
3.
 - 3.1 Antwoord:
"drentel" (bl. 42)
 - 3.2 Antwoord:
"besluiteloos" (bl. 42)
 - 3.3 Antwoord:
Twee mans met trollies vol groente (een gelaai met pampoene en die ander met sakke aartappels) stamp in mekaar vas / bots per ongeluk teen mekaar. Twee van die aartappelsakkies bars oop. Ben help om die aartappels op te tel. Die een man stel homself voor as Leon.
 - 3.4 Antwoord:
Ben loop vinnig agter Leon aan en vertel hom dat hy (Ben) werk soek (bl. 42).

- 4.** Antwoord:
identiteitsdokument
- 5.** Antwoord:
Hy wil nie hê Mike moet sien hy het die groen handsak by hom nie. Hy wil nie hê hulle moet dink hy het dit gesteel nie (dat hy 'n dief is nie). Dit sal sy kanse om werk te kry belemmer.
- 6.** Antwoord:
Hy besef dat hy net 'n week gelede saam met sy ma en suster gaan fliek het om sy sestiende verjaarsdag te vier. (Hulle was dus 'n week gelede nog lewendig en gelukkig saam.)
- 7.** Antwoord:
Mike. Die Eagletons vrugte en groentestalletjie.
- 8.** Antwoord:
Hy moet negeuur daardie aand aanmeld vir werk. Samuel-hulle sal hom wys wat om te doen.
- 9.** Antwoord:
R250 'n week.
- 10.**
- 10.1** Antwoord:
Dit is oorkant/anderkant die hoofpad, anderkant die brug, binne stapafstand van die varsproduktemark.
Die man wat in die stalletjie oorkant die Eagletons-stalletjie werk verduidelik/beduie waar dit is.
- 10.2** Antwoord:
'n Selfoonlaaier. / 'n Laaier vir sy selfoon.
Goedkoop klere ('n denimbroek en twee Themde); 'n onderbroek; en 'n paar kouse.
Toiletware ('n blikkie Axereukweerder; 'n buisie Colgate-tandepasta; 'n goedkoop tandeborsel; 'n koekie seep; 'n weggooiskeermes) en 'n pakkie pleisters.
- 10.3** Antwoord:
Ben raak weer na. Hy raak so na dat hy dit dadelik opgooi (opbring).
- 11.** Antwoord:
"Is alles wat die afgelope 24 uur gebeur het for real? Soos in dis nie 'n joke nie?" (bl. 47)
- 12.** Antwoord:
"raak byna dadelik aan die slaap" (bl. 48)
- 13.** Antwoord:
Sy pa.

HOOPVOL

“Die hoop beskaam nie.”

(Ontleë aan Romeine 5:5 in die Bybel.)


Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Paragraaftipe Vraag

“Die vrou is weird.”

Let Op: Lees aandagtig deur die paragraaftipe vraag sodat jy weet waarop jy moet let.



Lesersrespons: Oop vir eie interpretasie. Onthou: paragraafvorm.

Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 180 woorde oorskry nie.

Let wel (moontlike lesersrespons):

Nathalie ken juffrou September as iemand wat stiptelik, hoflik, ordentlik en op haar plek is. Sy is modebewus en statusbewus. Sy is 'n somber vrou - haar gesig is stroef (ernstig). By die hotel staan sy ingedagte voor die venster en kyk uit na Hoopvol se hoofstraat. Sy praat nie veel nie. Sy luister na tannie Lettie wat praat. Sommige mense dink sy is te swak om burgemeester te wees, omdat sy net saamstem met tannie Lettie se planne vir die dorp.

By die munisipaliteit huil sy elke oggend, stiptelik tussen agtuur en tien oor agt. Sy beperk haar huilery tot net tien minute. Sy is baie hartseer oor iets. Wanneer Nathalie haar koffie neem, snuif sy en is haar oë rooi en dik geswel. Sy is kaalvoet (sonder haar skoene aan) en snuit haar neus hard. Sy staar ingedagte voor haar uit. Sy maak oop teenoor Nathalie (sy praat). Sy vertel Nathalie dat die lewe maar 'n hartseer storie is. Haar hartseer het waarskynlik te doen met verlore liefde. Nathalie dink die burgemeester is “weird verby” (baie vreemd) (bl. 54). [180 woorde]

Psst!

Doen beplanning en stel 'n woordeskattys saam. Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 180 woorde oorskry nie. Onthou: paragraafvorm.

[20 punte]



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 7

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

- 1.**
- 1.1** Antwoord:
'n "Hollander van Kaapstad [...]" (bl. 49)
- 1.2** Antwoord:
"Big deal" (bl. 49) - d.w.s. dit beïndruk my nie / dit is niks besonder of watwonders nie.
- 1.3** Antwoord:
Waar. Dit is 'n eenverdiepinggebou.
- 2.** Antwoord:
Fiona is Nathalie se vriendin/oud-skoolmaat. Sy werk by die munisipaliteit se navraetoonbank. Sy is besig om haar naels te verf, kougom te kou en kliphard na 'n liedjie op die radio te luister.
- 3.**
- 3.1** Antwoord:
Die koningin van Sheba was 'n pragtige vrou met baie rykdom en mag.
- 3.2** Antwoord:
Die burgemeester / Juffrou Laetitia September.
- 3.3** Antwoord:
Juffrou September is waarskynlik ook 'n pragtige vrou. Sy verdien waarskynlik 'n goeie salaris (sy dra duur ontwerpersklere; sy het 'n luukse motor [Mercedes-Benz]; sy reis oorsee [na New York]). Sy is ook in 'n posisie van mag (sy is die burgemeester).
- 4.** Antwoord:
Dit is die laaste kantoor aan die einde van die gang ("af in die gang" [bl. 50]) in die munisipale gebou.
- 5.** Antwoord:
Die mat in beide plekke is dieselfde - dit is dieselfde aaklige bruin mat met die goue stippeltjies.
- 6.** Antwoord:
Sy vermoed dit is die leë boekrak en die aaklige bruin mat wat die kantoor so hartseer laat lyk.

- 7.** Antwoord:
Op juffrou September se lessenaar is daar penne in 'n houer met "I love New York" daarop en 'n "skewerige appel teen die kant." (bl. 50) Sy het dit waarskynlik in New York gekoop.
- 8.** Antwoord:
Sy skakel die rekenaar aan, maar dit vra vir 'n wagwoord / sy benodig 'n wagwoord om toegang te kry.
- 9.** Antwoord:
Sy raai wat Sherelene se wagwoord is. Dit is haar kêrel se naam, "Gilbert" (bl. 51).
- 10.** Antwoord:
Eie mening. Dalk het sy vergeet Nathalie kom werk in die plek van Sherelene. / Dalk het tannie Lettie nie laat weet dat sy iemand gereël het om vir juffrou September te kom help nie.
- 11.** Antwoord:
Wanneer iemand nie goed genoeg of ervare genoeg is om spesifieke werk te doen (of 'n taak te verrig) nie.
- 12.** Antwoord:
"gereeld" (bl. 52)
- 13.** Antwoord:
Onwaar. Sy beperk haar huilery tot net tien minute: elke oggend van agtuur (08:00) tot tien oor agt (08:10).
- 14.** Antwoord:
Nathalie moet, net soos Sherelene, vir juffrou September 'n koppie swart koffie sonder suiker maak; "dan is Juffrou weer reg" (bl. 52-53).
- 15.** Antwoord:
Eie mening. Die ligblou bekers is ligter en meer positief en hoopvol as die pikswart bekers. Die pikswart bekers is donker, hartseer en depressief. Nathalie dink waarskynlik die ligblou bekers sal vir juffrou September beter laat voel.
- 16.** Antwoord:
Sy is stylvol. / Sy het goeie smaak. / Sy is modieus en modebewus / Sy is iemand met 'n hoë status. / Sy het baie geld (Gucci's is duur).
- 17.** Antwoord:
Haar ma is oorlede. / Haar prins (kêrel) het haar verlaat. / Sy het nooit 'n prins (kêrel) gehad nie. / Sy het haar prins (kêrel) verloor. / Sy is 'n baie hartseer vrou (sy het 'n baie hartseer lewe).
- 18.** Antwoord:
"Die prinses en die padda." / "Die prinses en die padda-prins." / "Die padda-prins."



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 8

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
"Partymaal." (bl. 55)
2. Antwoord:
Sy ma het gesê dat sy pa dood is aan malaria en longontsteking in 'n vreemde land in Afrika, net voor hulle sou trou - die troue was klaar gereël.
3. Antwoord:
Sy het eers gesê Ben se pa is dood aan malaria in 'n vreemde land in Afrika. Later het sy gesê dit was longontsteking. Toe Ben haar bevraagteken het sy gesê Ben se pa het longontsteking gekry as gevolg van die malaria. Sy kon ook nie onthou in watter vreemde land sy pa dood is nie. Hy kon nie verstaan hoe sy nie kon onthou in watter land die man met wie sy sou trou gewerk het nie / dood is nie.
4. Antwoord:
"Hy wou haar glo, want hy was lief vir sy ma en hoekom sou sy jok [lieg]?" (bl. 55) Hy was lief vir sy ma. Hy wou haar die voordeel van die twyfel gee (the benefit of the doubt). Hy wou glo dat sy hom die waarheid vertel oor sy pa, maar hy was onseker.
5.
 - 5.1 Antwoord:
Ben het besef dat sy ma beslis vir hom gelieg het oor sy pa. Hy het nou vir seker geweet dat hy 'n pa het wat tóg lewe (dat sy pa nie dood is aan malaria of longontsteking in 'n vreemde land in Afrika nie). Ben het ook uitgevind dat hy vreeslik baie soos sy pa lyk en dat sy pa in Pretoria se varsproduktemark werk.
 - 5.2 Antwoord:
"asof sy 'n spook gesien het" (bl. 56)
 - 5.3 Antwoord:
Dit is wanneer twee mense vreeslik baie na mekaar lyk (d.w.s. eenders lyk).

6. Antwoord:

Eie mening. Hy weet nie wie sy pa is nie en het nog nooit sy pa gesien nie. Hy weet dus nie hoe sy pa lyk nie en daarom kan hy nie sy pa se gesig in sy droom (nagmerrie) sien nie. / Die feit dat hy nie sy pa se gesig kan sien nie is simbolies van sy soeke na sy pa en die feit dat hy nog nie sy pa gevind het nie.

7. Antwoord:

"Hy het 'n pa, dink hy dan. Hy moet net bly soek. Alles sal fine [goed] wees." (bl. 57) / "Jy het 'n pa, 'n pa wat hier iewers moet wees, sê hy vir sy ernstige gesig in die venster." (bl. 57)

8. Antwoord:

Hy loop elke dag deur die sale van die varsproduktemark en kyk mooi na almal se gesigte om te sien of daar iemand is wat soos hy (Ben) lyk / wat soos "sy pa behoort te lyk" (bl. 57). Wanneer hy die kans kry gaan kyk hy ook na die mense wat werk in die kantore op die boonste verdieping van die varsproduktemark.

9. Antwoord:

Hy weet dat hy soos sy pa lyk, maar hy is bekommerd dat hy nie sal kan sien dat sy pa soos hy (Ben) lyk nie. / Ben is bang dat sy pa dalk by een van die stalletjies werk, maar dat hy hom nie kan/sal herken nie.

10. Antwoord:

Hy weet daar is seker 'n klomp boodskappe op sy selfoon. Hy is nie lus om die klomp boodskappe uit Johannesburg te lees nie.

11.**11.1 Antwoord:**

Nee. Die telefoon lui 'n paar keer voor Ben neersit. Hy bel weer en die telefoon lui lank voor sy antwoord.

11.2 Antwoord:

Tannie Pop is geweldig verlig om van Ben te hoor. Sy is bekommerd oor hom (sy gee om vir hom). Sy wil weet waar hy is en sê dat almal, insluitend die polisie, na hom soek. Sy begin huil.

11.3 Antwoord:

Hy sê dat hy in Pretoria is en dat hy by sy pa woon.

11.4 Antwoord:

Sy verkeer waarskynlik onder die indruk dat Ben se pa dood is, omdat sy ma so gesê het.

11.5 Antwoord:

Hy besluit om nog net 'n week te werk sodat hy genoeg geld kan kry om terug te gaan Mayfair (Johannesburg) toe. Hy sal by tannie Pop gaan bly. Hy sal die situasie by die huis konfronteer (die gevolge aanvaar/dra).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 9

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Juffrou September het gedink dit sou beter wees vir kontinuïteit as Nathalie elke dag daardie week by die munisipaliteit werk en Liefie elke dag daardie week by die hotel se ontvangs werk.
2. Antwoord:
"totdat Sherelene terugkom" (bl. 60)
3. Antwoord:
"gate uit geniet" (bl. 60)
4. Antwoord:
Sy is baie hartseer. Sy huil elke oggend (waarskynlik oor haar verlore liefde). / Sy streel ingedagte oor die beertjie op haar lessenaar (wat haar verlore liefde waarskynlik vir haar gegee). / Sy vertel Nathalie dat 'n man haar "in haar liefde verlaat het" (bl. 60). / Sy sit soms lank in stilte in haar kantoor. Sy staar lank, ingedagte en woordeloos voor haar uit (sy dink waarskynlik aan haar verlore liefde).
5.
 - 5.1 Antwoord:
Juffrou September is eensaam en alleen. Sy het soms net iemand nodig om mee te gesels as sy wil gesels, om na haar te luister, of om haar stiltes saam met haar te deel.
 - 5.2 Antwoord:
Tannie Lettie
 - 5.3 Antwoord:
Nathalie
6. Antwoord:
"deurmekaar rekordstelsel" / "slordige stelsel" / "die dagboek wat nie lekker bygehou word nie" (bl. 61)
- 7.1 Antwoord:
Dink in 'n soortgelyke wyse. / Saamstem oor iets.
- 7.2 Antwoord:
Sherelene is slordig en nie op datum nie (agter). Juffrou September is netjies en stiptelik (betyds).

- 8.** Antwoord:
Daar is altyd hoop vir 'n beter toekoms.
- 9.** Antwoord:
Hy dra die heeldag (waarskynlik elke dag) 'n das. Hy haal dit eers af voor hy gaan slaap.
- 10.** Antwoord:
"Op 'n manier is hy net so sad soos juffrou September." (bl. 63) Nathalie dink pastoor Chalmers en juffrou September is ewe hartseer.
- 11.1** Antwoord:
Mevrou Chalmers (die pastoor se vrou).
- 11.2** Antwoord:
Die persoon is kwaai, naar, onvriendelik, haatlik en/of onuitstaanbaar.
- 12.** Antwoord:
Pastoor Chalmers is Nathalie se wettige voog wat na haar omsien. Hy is nie haar biologiese pa nie.
- 13.** Antwoord:
Sy was 'n "onaardige kroeskopdogtertjie" (bl. 63). Sy was "klein en tingerig" (bl. 63) en het knopknieë.
- 14.1** Antwoord:
Sy was die eerste bruin leerling by die wit skool op die dorp. Toe sy by die wit skool opgedaag het, het sy geweier om weggestuur te word.
- 14.2** Antwoord:
Dit is te danke aan haar dat bruin meisies soos Liefie en Olivia by die wit skool kan skoolgaan.
- 14.3** Antwoord:
Sy is die eerste bruin burgemeester van die klein Karoodorp, Hoopvol. "En kyk waar sit sy nou. Ek bedoel, sy's die baas van die plaas." (bl. 64)
- 15.**
- 15.1** Antwoord:
Bobby is nuut op die dorp, Hoopvol. Hy doen aflewerings vir verskeie besighede op die dorp.
- 15.2** Antwoord:
Woensdag. Die eerste Maart.
- 15.3** Antwoord:
Hy kom van Noupoot, 'n plek waar dwelmverslaafdes gerehabiliteer word/behandeling ontvang.
- 15.4** Antwoord:
Sy onthou die geel blommetjies in die hotel se binnehof wat skielik oornag geblom het.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 10

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Mike is kwaad omdat Ben besluit het om die werk aan die einde van die week te verlaat.
2. Antwoord:
Dit is iemand wat rusteloos of onrustig is. / Iemand wat nie bereid is om vir lank in een plek te bly nie.
3. Antwoord:
Leon het voorheen vir Ben gesê dat Mike baie ongeskik/suinig is. Hy het gesê dat Ben ver sal moet gaan soek om iemand te vind wat so ongeskik/suinig is soos Mike (bl. 44).
- 4.1 Antwoord:
Hy byt op sy tande om sy frustrasie te beheer. / Hy is vasberade om nie sy humeur te verloor nie.
- 4.2 Antwoord:
Mike. Mike is meer gemeen as gewoonlik met Ben. / Mike. Hy is ongeskik en ongeduldig met Ben.
- 4.3 Antwoord:
Hy voer Mike se opdrag teen sy wil uit. Hy loop moerig na die Moerdyk Markagente se kantoor.
5. Antwoord:
"Toe, toe, toe, vandag nog!" (bl. 67)
6. Antwoord:
Mike het hom opdrag gegee om 'n stapel state daar te gaan aflewer.
7. Antwoord:
Tannie Joan
8. Antwoord:
Leon moes vir hom "beduie" (bl. 68) waar die kantoor is.
9. Antwoord:
Dit is die tweede laaste kantoor aan die einde van die gang, op die eerste verdieping van die groot gebou ("net voordat jy die telefoonhokkie aan die end van die gang kry" [bl. 68]).
- 10.1 Antwoord:
"Hy word koud." (bl. 68)

10.2 Antwoord:

Hy sien 'n gesig wat bekend lyk / 'n gesig wat hy herken. / Een van die mans in die foto lyk net soos Ben / lyk net soos Ben se pa behoort te lyk. / Ben dink die man kan dalk sy pa wees.

11. Antwoord:

Ben en Oil het albei 'n swart vlekke (geboortemerk) aan die elmboog. Die swart vlekke (geboortemerk) dui daarop dat hulle (Ben en Oil) familie is / dat die man (Oil) Ben se pa is.

12. Antwoord:

Hy maak sy oë toe en staan doodstil voor die foto. Hy maak sy oë oop en vat versigtig met sy vinger aan die man (Oil) se gesig. Hy dink by homself dat hy 'n regte pa het. Daarna sê hy hardop "pa" (bl. 69).

13.1 Antwoord:

Die kantoor is deurmekaar. Daar is "stapels dokumente wat oral op die lessenaar rondlê" (bl. 68). Die tannie sien nie vir Ben raak toe sy by die kantoor inkom nie.

13.2 Antwoord:

"Genade, my hart sal gaan staan!" (bl. 69)

13.3 Antwoord:

Toe Ben haar uitvra oor die man op die foto, druk sy haar kop tot byna teenaan die foto om te sien na wie hy verwys. Sy staar lank na die man op die foto voor sy hom identifiseer.

14. Antwoord:

Die man se naam/bynaam is "Oil" - sy verwys na hom as "Ou Oil" (bl. 69). Hy was 'n rustelose mens (het 'n onrustige siel gehad). Hy het blykbaar op 'n olieboor gewerk voor hy by die vrugtemark begin werk het. Hy het ongeveer 'n jaar lank in die vrugtemark gewerk. Hy werk nie meer daar nie. Hy het na Bloemfontein gegaan omdat hy "mense" (d.w.s. familie/vriende) (bl. 69) daar het.

15. Antwoord:

Onwaar. Ou Oil het iets gesê van waar hy sou wees, maar die tannie kan nie meer onthou waar nie.

16. Antwoord:

Jy lyk baie soos iemand anders, gewoonlik 'n familielid. (Die tannie sê Ben lyk baie soos Oil).

17. Antwoord:

"Hy is my pa," sê hy dan beslis." (bl. 70) / "Dan skryf hy sy naam en Oil se seun [...]" (bl. 70).

18. Antwoord:

Die tannie het gesê sy sal hom bel as sy iets oor sy pa uitvind.

HOOPVOL

“Die hoop beskaam nie.”

(Ontleë aan Romeine 5:5 in die Bybel.)

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Paragraaftipe Vraag

'n Hopelose plek. 'n Hoopvolle plek.

Let Op: Lees aandagtig deur die paragraaftipe vraag sodat jy weet waarop jy moet let.



Lesersrespons: Oop vir eie interpretasie. Onthou: paragraafvorm.

Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 180 woorde oorskry nie.

Let wel (moontlike lesersrespons):

Sakkie is verlief op Nathalie, maar sy stel nie romanties in hom belang nie. Hy probeer haar beïndruk, maar hy verveel en irriteer haar. Toe hy langs haar sit, voel sy hy sit te styf teenaan haar. Hy maak moeite om tyd saam met haar te spandeer, maar sy wil nie alleen met hom wees nie. Sy dink dat haar lewe met hom gewoon en vervelig sou wees ('n eenvoudige lewe op 'n simpel plek). Haar liefdesgeleentheid met hom is dus hopeloos.

Nathalie is aangetrokke tot Bobby. Sy wonder wat hy van haar dink en of hy van haar sou hou. Toe hy oorkant haar sit, is sy bly vir die kans om hom te kan bekijk. Toe hy agter haar inskuif en sy arms om haar lyf vou, raak sy opgewonde (sy kan nie konsentreer of roer nie). Toe hy saam met haar huis toe stap, gee sy nie om dat hulle alleen is nie. Toe hy haar soen, is sy vir die eerste keer regtig gelukkig - sy giggel en giggel. Haar liefdesgeleentheid met hom is dus hoopvol. [180 woorde]



Doen beplanning en stel 'n woordeskattys saam. Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 180 woorde oorskry nie. Onthou: paragraafvorm.

[20 punte]



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 11

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
"die fort hou" (bl. 71)
2. Antwoord:
Die waterpyp voor die bank het gebars. / Daar is 'n gat in die hoofstraat voor tannie Mollie se gastehuis. / Die mense het gisteraand voor die hotel se buiteverkope geraas. / Plastieksakke en papiere lê die parkie vol.
- 3.1 Antwoord:
Bobby
- 3.2 Antwoord:
Hy was by die Noupootrehabilitasiesentrum ('n plek waar dwelmverslaafdes behandeling ontvang).
- 3.3 Antwoord:
"die outjie van Noupoot" (bl. 73); "Mr Noupoot" (bl. 76); en "Bobby van Noupoot" (bl. 76, 78).
- 3.4 Antwoord:
Sy vingerpunte is vierkantig. / Een van sy vingernaels is blou geverf. / Hy is nie veel langer as sy nie. / Hy het ernstige oë, asof hulle al baie dinge gesien het. / Hy lyk nie soos jou alledaagse dwelmverslaafde nie.
- 3.5 Antwoord:
rooi / aflewerings / verskillende / vinnig
4. Antwoord:
Eie mening: Nathalie is nog nie volwasse nie. / Sy weet nog nie wie sy is of wil wees nie. / Haar identiteit (as volwassene) is nog nie heeltemal gevorm nie. / Sy probeer 'n nuwe handtekening en besluit nog daaroor.
5. Antwoord:
"Sy voel skielik verleë." (bl. 72)
6. Antwoord:
Sy was kwaai/onaangenaam/kortaf/ongeskik met Bobby.
7. Antwoord:
Sy vermoed hy dink aan haar as 'n agteraf (onbeskaafde), eenvoudige (simpel) meisie (plattelandse meisie).

- 8.** Antwoord:
Sy sê die ander (Fiona, Liefie, Gielie en Eddie) sal ook saam wil gaan. Sy stel voor dat hulle sommer met twee motors gaan (sy sal saam met Sakkie in sy Renault ry; die ander kan saam met Gielie in sy pa se Cressida ry).
- 9.** Antwoord:
Hy is nie deel van hulle vriendekring nie. Sy het dus nie verwag hy gaan saam nie.
- 10.** Antwoord:
"praat sy ore van sy kop af" (bl. 73)
- 11.** Antwoord:
Sy byt op haar tande sodat sy nie kreun nie. / Sy byt op haar tande om haar frustrasie te beheer.
- 12.**
- 12.1** Antwoord:
Onwaar. "Op pad luister sy nie eintlik na sy lang gewarrawarra [...] nie." (bl. 73)
- 12.2** Antwoord:
Onwaar. "[...] alles was nie altyd sleg nie. Sy onthou dat sy selfs gelukkig was [...]" (bl. 75)
- 12.3** Antwoord:
Waar. "Liefie wat alles van haar weet." (bl. 75)
- 12.4** Antwoord:
Onwaar. "En sy geniet die werk by juffrou September." (bl. 75)
- 12.5** Antwoord:
Onwaar. "[...] sy weet nie wat sy met haar lewe wil doen nie." (bl. 75)
- 13.** Antwoord:
donker geheim / begeerlik / tert / kêrel / duur geskenke / bankie
- 14.** Antwoord:
Sy sukkel om te konsentreer op wat hy sê. Sy kan skaars roer (beweeg). Sy is baie bewus van sy asem in haar nek en sy warm lyf wat liggies teen haar druk. Dit voel asof tyd vir 'n oomblik stilstaan.
- 15.** Antwoord:
Sy wonder of Bobby dink sy is mooier as gemiddeld. / Sy onthou die gevoel van sy arms om haar, en bloos.
- 16.** Antwoord:
Hoopvol. Nathalie is vir die eerste keer regtig gelukkig - sy giggel en giggel toe Bobby haar soen. Hoopvol is skielik, na al die hopeloosheid, "dalk tog 'n hoopvolle plek" (bl. 78).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 12

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
plase / mielielande / sonneblomme / eensame plaashuise / bome / damme / beeste
2. Antwoord:
Die droëvrugte was gratis. Hy is honger, maar hy het nie geld om op kos te spandeer (mors) nie.
3. Antwoord:
Die buskaartjie na Bloemfontein was duurder as wat hy verwag het dit gaan wees. Hy moet ook vir blyplek (verblyf/akkommodasie) in Bloemfontein betaal.
4. Antwoord:
Hy het nie baie geld nie. Hy moet werk kry sodat hy 'n inkomste kan verdien. Hy moet homself onderhou.
5. Antwoord:
Hulle is twee van Ben se pa se oud-kollegas (hulle het saam met sy pa gewerk). Hulle verskyn saam met sy pa op die Moerdyk Markagente-foto (van die vyf mans wat aangewys is as die "Markagente van die Jaar").
- 6.1 Antwoord:
"drifter" (bl. 79) / "Drifter" (bl. 79). 'n Swerwer ("drifter") swerf gewoonlik van een plek na 'n ander omdat hulle nie rustig kan raak op een plek nie / nie bereid is om vir lank in een plek te bly nie. Ben se pa (Oil) het 'n rustelose (onrustige) siel. Hy is/was dus 'n rustelose (onrustige) mens.
- 6.2 Antwoord:
"Hy sou in elk geval seker nie lank daar gewerk het nie, as hy ooit daar uitgekom het." (bl. 79)
7. Antwoord:
regte / pikswart / elmboog / lewe / dolgraag / nooit / huis / skool / stiefpa
8. Antwoord:
Ben dink sy ma het dalk met oom Luke getrou sodat hy (Ben) 'n pa kon hê.
9. Antwoord:
Oom Luke het altyd van elke Afrika-land se muntstukke vir Ben saamgebring.
10. Antwoord:
Onwaar. "Hulle het oom Luke maar min gesien." (bl. 80) / "Nou en dan 'n week [...]" (bl. 80)

- 11.** Antwoord:
Hulle kon vakansies gaan hou in "plekke soos Durban en Sun City" (bl. 81). Ben het 'n nuwe bergfiets en 'n Nokia-selfoon gekry. Hulle "kon klere koop by die smart winkels in die mall [winkelsentrum]" (bl. 81).
- 12.** Antwoord:
Sy was twee maande oud.
- 13.** Antwoord:
Sy was "gestres en beneuk, asof sy gesukkel het om te cope as hy nie daar was nie." (bl. 81) / Sy was gespanne en beduiweld (befoeterd/beneuk), asof sy gesukkel het om by te bly (alles te hanteer) wanneer hy nie daar was nie.
- 14.** Antwoord:
Ben se ma was vir 'n paar weke (na oom Luke weg is) baie anders as gewoonlik. / Sy was stil en ingedagte. Sy het soms net in die gang gaan staan asof sy luister na iets wat net sy kan hoor. / Partykeer het sy vuil wasgoed in die asblik in plaas van die wasmandjie gegooi. / Ander tye het sy die vullis in die wasmandjie in plaas van die asblik gegooi.
- 15.** Antwoord:
Oom Luke het voltyds in Nigerië gaan werk en permanent daar gaan bly. Ben se ma het gesê dat dit nie vir hulle 'n "lewe [sal] wees nie" (bl. 82). / Ben se ma wou nie saam met oom Luke in Nigerië gaan woon nie. (Sy wou waarskynlik nie hê haar kinders moet in Nigerië grootword nie).
- 16.** Antwoord:
"gemaak vrolik" (bl. 82)
- 17.** Antwoord:
Waar. "Ben onthou hy het eintlik niks besonders gevoel oor oom Luke wat nie weer terugkom nie." (bl. 82)



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 13

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1.
 - 1.1 Antwoord:
Sy dink dit behoort dalk aan 'n verkoopsman/verkoopsverteenwoordiger ("rep").
 - 1.2 Antwoord:
Dit behoort aan Bobby. Hy het dit gekoop by Frans van Eeden.
 - 1.3 Antwoord:
"[...] wat duidelik al 'n paar draaie in hierdie lewe gemaak het." (bl. 83)
2. Antwoord:
Nathalie se skof is nog nie oor nie (sy moet nog werk). / Mevrouw Chalmers (haar voog) sal baie ontsteld wees as sy moet sien dat Nathalie saam met Bobby ("n ex-druggie" [bl. 83]) op 'n motorfiets rondry. / Tannie Lettie (haar baas) sal nie baie beïndruk wees as sy moet sien dat Nathalie saam met Bobby op 'n motorfiets rondry nie. / Nathalie is nog nie heeltemal seker oor Bobby nie.
3. Antwoord:
Sy vra vir Liefie om by ontvangs te kom sit. As Liefie nie kan nie dan moet Olivia by ontvangs sit.
4. Antwoord:
"Wat de hel." (bl. 84)
5. Antwoord:
Bobby dra 'n valhelm. Hy gee ook vir sy passasier (Nathalie) 'n valhelm om te dra.
6. Antwoord:
"Not another brick in the wall [...]" (bl. 84). Nie nog 'n baksteen in die muur nie.
7. Antwoord:
Waar. Hy druk die valhelm hardhandig op Nathalie se kop.
8. Antwoord:
Sy is eers angstig (benoud), maar dan begin sy ontspan. Sy voel skielik sorgloos (roekeloos) en lag vrolik (uitgelate). Dit voel asof sy van haar hopelose lewe ontsnap / haar hopelose lewe op Hoopvol agterlaat.

- 9.** Antwoord:
rug / soet / seker / vertrou
- 10.**
- 10.1** Antwoord:
In 'n poel (dammetjie) op 'n ou se plaas by 'n fonteintjie in die middel van die Karoo.
- 10.2** Antwoord:
Hulle het nie hulle swemklere saamgebring nie.
- 10.3** Antwoord:
Sy swem in haar bra en pantie.
- 10.4** Antwoord:
Onwaar. Sy is glad nie skaam om in haar onderklere voor hom te wees nie.
- 11.** Antwoord:
Sy het nie gedink sy is mooi genoeg vir iemand soos Bobby nie. / Sy het gedink sy is te gemiddeld en alledaags vir iemand soos Bobby. / Sy stel in Bobby belang, maar het nie gedink hy stel in haar belang nie. / Sy stel in Bobby belang en kan nie glo dat hy in haar belangstel nie.
- 12.** Antwoord:
"[...] sy vermoed dat niks ooit regtig reg kan uitwerk nie, maar miskien, net miskien dalk tog." (bl. 85)
- 13.** Antwoord:
Bobby slaan sy arms van agter om Nathalie se lyf. Hy hou haar vas. Hulle staan lank so in stilte.
- 14.** Antwoord:
"[...] dat sy nou vir die eerste keer [...] voel dat daar dalk tog iets vir haar is." (bl. 86)
- 15.** Antwoord:
"laatmiddagson" (bl. 86)
- 16.** Antwoord:
Nathalie aanvaar Bobby as deel van haar lewe en leefruimte (Hoopvol). / Bobby bring nuwe hoop vir Nathalie.
- 17.** Antwoord:
Hulle voel gemaklik genoeg met mekaar om die stilte te deel, sonder dat dit ongemaklik of "snaaks" voel. / Hulle verstaan mekaar en hoef nie te praat nie. / Hulle is sielsgenote.
- 18.** Antwoord:
Dit was nie vir hom lekker om daar te wees nie (dit was baie onaangenaam), maar dit (die behandeling daar) het gewerk (dit het hom gehelp).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 14

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Hy is in die Spurrestaurant in Bloemfontein.
2. Antwoord:
Hy is honger, maar hy het nie geld om op kos te spandeer nie. / Dit is bekostigbaar en hy moet geld spaar.
3. Antwoord:
Ben dink dat dit dalk nie wys is om by sy pa te wil bly nie. Hy is bang sy pa sal hom nie wil ken nie / sal niks met hom te doen wil hê nie.
4. Antwoord:
Haar naam is Alta. Sy lyk 'n bietjie (effens) na Ben se niggie in Johannesburg.
5. Antwoord:
Ben sê hy woon nie in Bloemfontein nie. Sy pa woon in Bloemfontein. Hy ken nie eintlik vir Bloemfontein nie. Hy is van (woon in) Johannesburg.
6. Antwoord:
"Johies" (bl. 87)
7. Antwoord:
Tannie Mabel en Kleynhans
8. Antwoord:
Broer in (die) stryd. 'n Baie goeie vriend. / Iemand wat deur moeilike situasies/tye saam met jou staan (veg).
9. Antwoord:
Hy dink dit is omdat hulle gratis in die woonstel bo die rokwinkel kon bly terwyl sy daar gewerk het.
10. Antwoord:
"gehaat" (bl. 88)
11. Antwoord:
Oom Luke (Ben se stiefpa) en Elma (Ben se halfsuster).
12. Antwoord:
Eers toe sy ma die werk by Clicks gekry het. / Eers toe sy ma by Clicks begin werk het.

13.**13.1** Antwoord:

Waar. Oom Luke het vir hulle die huis gehuur / dit was 'n gehuurde huis.

13.2 Antwoord:

Onwaar. Oom Luke was reeds in Nigerië (hy het voltyds daar gewerk en permanent daar gewoon).

14. Antwoord:

Dit was die eerste keer dat hulle ooit in 'n huis gebly het.

15. Antwoord:

Hulle het dit geniet om buite op die grasperkie agter die huis sokker te speel. Hulle het dit geniet om op die agterstoep se trappies hul aandete te eet.

16. Antwoord:

Sy het veral daarvan gehou om met die kliënte te werk.

17. Antwoord:

Sy het hulle uitgeneem vir 'n ete by Mimmos-restaurant ('n Italiaanse familie-restaurant).

18. Antwoord:

Sy was trots en opgewonde. Sy het almal, tot vir oom Luke in Nigerië, gebel om te spog.

19. Antwoord:

"[...] hy was nie van plan om 'n tip [fooi(tjie)] te gee nie, maar nou sal hy moet" (bl. 88)

20.**20.1** Antwoord:

Die Rosestad.

20.2 Antwoord:

"[...] hy het nog nêrens rose gesien nie" (bl. 88).

21. Antwoord:

Sy pa het 'n mooi huis met 'n swembad en als. Sy pa hou van sport en hulle sal saam na wedstryde gaan kyk. Sy pa sal hom uitneem na die Spurr-restaurant, waar hy "spareribs" (ribbetjies) (bl. 88) sal eet. Sy pa sal vir hom 'n motor koop sodra hy agtien jaar oud word.

22. Antwoord:

Hy weet nou hoe sy pa lyk. Hy het nie voorheen geweet hoe sy pa lyk nie.

23. Antwoord:

Hy weet nie wat hy vir sy pa gaan sê wanneer/as hy sy pa vind nie. / Hy weet nie hoe sy pa gaan reageer nie (dit sluit aan by sy vrees dat sy pa hom nie sal wil ken nie).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 15

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
"Wat julle meisies nog gaan leer, is dat mans baie overrated is. Baie overrated." (bl. 90)
2. Antwoord:
Nathalie en Liefie moet eerder die kans wat hulle by die hotel kry gebruik om vir hulle 'n "loopbaan te bou" (bl. 90). Sy dink hulle moet die geleentheid gebruik om 'n "suksesvolle besigheid te bestuur" (bl. 90).
3. Antwoord:
Sy rol haar oë.
4. Antwoord:
Bobby. Hy doen aflewerings vir besighede op die dorp. Hy is dus die "afleweringsjongetjie" (bl. 90).
5.
 - 5.1 Antwoord:
Sy sê dat min dwelmverslaafdes herstel. / "Min van hulle kom reg, hoor, die dwelmmense, [...]" (bl. 90).
 - 5.2 Antwoord:
Nathalie se hande bewe van ontsteltenis. / "Nathalie kom agter haar hande bewe." (bl. 90)
 - 5.3 Antwoord:
Sy stap buitetoë en haal 'n paar keer diep asem.
6.
 - 6.1 Antwoord:
Dwelmplek. Dit verwys na 'n rehabilitasiesentrum ('n plek waar dwelmverslaafdes behandeling ontvang).
 - 6.2 Antwoord:
Sy praat van Bobby se dwelmgebruik (dwelmreis/hallusinasiereis/dwelmhellevaart). / Sy verwys na die feit dat Bobby sy tuisdorp (Bloemfontein) verlaat het en ver gereis het na ander stede/dorpe.
 - 6.3 Antwoord:
"Hy lyk heel normaal. Gesond ook, en fiks." (bl. 91)
7. Antwoord:
Die Gautengers dink hulle is God se gawe aan die mensdom.

8. Antwoord:

Liefie verwys na die mans wat hulle vrouens slaan omdat hulle verveeld of ledig is (niks anders het om te doen nie). Sy sê haar toekomstige man sal haar slaan as hy te veel gedrink (gesuip) het.

9. Antwoord:

Hy sê eers dat Noupoort in die verlede is en in die verlede moet bly. Hy wil egter geen geheime tussen hulle hê nie, dus vertel hy haar alles oor sy dwelmmisbruik / dwelmverslawing.

10.**10.1 Antwoord:**

Die nuwe meisie (by sy ou skool in Bloemfontein) wat soos Annie Lennox van Eurythmics gelyk het (sy het kort blonde hare gehad).

10.2 Antwoord:

Gedurende Bobby se eerste dwelmreis het hy gevoel asof hy God ontmoet het. Hy het gevoel asof hy vir die eerste keer verstaan "van Jakob en die engeltjies" (bl. 95). Bobby het dus 'n ongelooflike spirituele ervaring gehad, sonder om "elke Sondag die kerkbanke blink te sit" (bl. 95).

10.3 Antwoord:

Drie maande.

10.4 Antwoord:

"Heaven" verwys na Bobby se ervaring wanneer hy dwelms gebruik. Hy kan nie wag om dwelms te gebruik sodat hy die hemel kan sien of ervaar nie (weer sy uitvlug/reis na die hemel kan beleef nie).

10.5 Antwoord:

Sy pa se boor. / Sy pa se "sidecutter" (bl. 96). / Sy ma se ou mikrogolfoond. / Sy musieksentrum.

10.6 Antwoord:

Hulle het hom geneem na groepsessies, psigiaters/sielkundiges, inrigtings en gebedegroepies.

10.7 Antwoord:

Bobby het geglo hy sien die hemel en dat die mense wat hom probeer help niks verstaan nie (hulle kon nie verstaan wat hy ervaar nie / wat hy al gesien het nie / waar hy al was nie) (bl. 97).

10.8 Antwoord:

Bobby het een aand deur sy kamervenster gekyk en sy pa gesien waar hy op 'n tuinstoel langs die swembad lê. Hy het vir die eerste keer gesien sy pa het 'n "boepie gekry" (bl. 98) en dat hy besig was om bles te word. Bobby het besef sy pa word oud (sy borshare was reeds grys). Bobby was self ook baie moeg.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 16

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Ben vervies hom vir die vrou wat hy bedien want sy is baie moeilik en kerm aanhoudend (kla baie). Hy draai sy rug op haar terwyl sy nog praat en luister nie verder/klaar na wat sy sê nie (bl. 99). / Ben gaan sit buite die Spur en rook, alhoewel hy moet werk (nog aan diens is). Hy het 'n traakmynie houding: "maar hy gee nie om nie" (bl. 99). / Ben vervies hom vir die man wat hy bedien want die man blaai sonder lus deur die wynlys en kritiseer die verskeidenheid wyne wat beskikbaar is op die wynlys. Ben byt op sy tande om sy frustrasie te beheer (bl. 100). / Ben antwoord sy selfoon terwyl hy aan diens is en steur hom meer aan die oproep as aan sy klante/kliëntediens. Hy sit die bord wat hy dra hard neer op die naaste tafel voor 'n verbaasde klant, alhoewel dit waarskynlik nie eers daardie klant/tafel se bestelling is nie (bl. 102).
2. Antwoord:
"Genoeg is genoeg" (bl. 99).
3. Antwoord:
"verpes" (bl. 99)
4. Antwoord:
sarkasme
5. Antwoord:
"benoud" (bl. 99)
6. Antwoord:
dikbek / diklip / ontevrede / nukkerig / nors / stuurs / humeurig
7. Antwoord:
Hulle het hom daar gesit/geplaas omdat hy self rook ('n roker is). Hy haat dit om daar te werk. / Hy haat die rookafdeling ("die stinkende plek" [bl. 100]). / Hy hou glad nie van die reuk van rook nie.
8. Antwoord:
Ben dink Alta is aangetrokke tot hom / verlief op hom / stel romanties belang in hom / begeer hom. / "Hy dink sy het die hots vir hom [soek sy lyf / is gaande oor hom / is gek na hom / is versot op hom]" (bl. 99). Ben dink ook dat Alta hom jammer kry (hom bejammer) omdat hy "so sonder familie is" (bl. 100).

- 9.** Antwoord:
Die persoon probeer te hard om goed en nuttig/behulpsaam te wees. / Die persoon wil alte goed of vroom wees. / Die persoon doen altyd goed en nooit kwaad nie.
- 10.** Antwoord:
maand / Spur / varsproduktemark / pa / hom / werk / gehelp / blyplek / kamertjie / agter / duur / min / footjies / goeie / kelner
- 11.** Antwoord:
Ben is veronderstel om in die skool te wees, maar hy is sonder verlof afwesig omdat hy na sy pa soek. Hy is so agter met sy skoolwerk, dat hy sy skooljaar die volgende jaar sal moet oordoen.
- 12.** Antwoord:
Ben het al eenkeer daaraan gedink (dit oorweeg) om selfmoord te pleeg. Hy is terneergedruk/neerslagtig. Hy glo dat hy nie verdien om te leef nie, want dit is sy skuld dat sy ma en suster dood is. / Hy voel skuldig oor die huisbrand en blameer homself vir die feit dat sy ma en suster doodgebrand het.
- 13.** Antwoord:
Hy kan nie verstaan hoekom sy pa nie na hom kom soek het nie. Hy kan ook nie verstaan hoekom sy ma vir hom gelieg het oor sy pa nie - was dit omdat hy 'n slegte mens/boef/skurk ("baddy" [bl. 101]) was.
- 14.** Antwoord:
Hy kry steeds (elke aand) nagmerries oor die huisbrand (waarin sy ma en suster doodgebrand het). In sy nagmerrie kan sy voete nie beweeg nie. Hy hoor hoe Elma skree, maar hy kan niks doen om haar te help nie.
- 15.** Antwoord:
Sy het onthou waarheen Ben se pa (ou Oil) gegaan het ná hy Moerdyk Markagente verlaat het / dat Ben se pa (ou Oil) by Houtgerusmeubelfabriek in Bloemfontein werk gekry het. Sy was besig om 'n program oor bome op televisie te kyk. Dit het haar waarskynlik laat dink aan hout en dus aan die meubelfabriek, Houtgerus.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 17

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Hulle lê op 'n handdoek in die koelte onder 'n boom langs die Van Eedens se swembad op hulle plaas.
- 2.1 Antwoord:
Sy wil graag hê dat Bobby haar op sy motorfiets ver van Hoopvol af moet wegneem.
- 2.2 Antwoord:
"die hoop beskaam nooit" (bl. 103). Hy sê as sy aanhou hoop en glo, sal sy nie teleurgestel word nie.
3. Antwoord:
Fiona flankeer met al die seuns by die swembad. Liefie sit eenkant op die rand van die swembad.
4. Antwoord:
Sy was baie ordentlik/agtermekaar toe sy op hoërskool was. Na matriek het sy egter binne 'n paar maande verander van 'n preutse skoolmeisie tot 'n losbandige meisie wat met al die seuns flankeer.
5. Antwoord:
Frans is die oudste kind (seun) van die ryk Van Eedens (plaaseienaars / skaapboere). Hy het pas (net onlangs) teruggekeer na Hoopvol na vier jaar op Stellenbosch (waar hy by die universiteit studeer het). Hy is dus 'n hele paar jaar ouer as Nathalie en haar vriende. Frans en Bobby het goeie vriende geword sedert Bobby die motorfiets by Frans gekoop het. Frans het toe ook soort van deel geword van Nathalie-hulle se vriendekring.
6. Antwoord:
Frans is 'n aantreklike en begeerlike man.
7. Antwoord:
Sy is bang dat Bobby dalk Frans se geselskap meer as hare geniet / bo hare verkies.
8. Antwoord:
Sy sê hy moet 'n bietjie ontspan (minder ernstig wees) want hulle is nog jeugdig/jonk.
9. Antwoord:
Sy sê dat sy saam met hom sal weggaan (saam met hom op sy motorfiets sal klim), sonder om te weet waarheen hulle gaan. Sy sê dat sy hom vertrou en weet dat hy haar sal oppas (mooi na haar sal omsien).

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

- 10.** Antwoord:
"Ons sal van iets meer as koue water en warm liefde moet leef." (bl. 104)
- 11.** Antwoord:
Frans het reeds 'n meisie ontmoet terwyl hy op universiteit op Stellenbosch was. / Frans en Liefie se sosiale status en kulturele agtergrond is te ver uitmekaar (hulle kom uit twee verskillende wêrelde). / Frans is die ryk wit seun van suksesvolle (ryk) plaaseienaars (skaapboere). Liefie is 'n arm bruin meisie wat as een van die kokke werk by die hotel. / Frans se ouers sal nooit 'n verhouding tussen hulle goedkeur nie.
- 12.** Antwoord:
Hy is 'n nuweling op Hoopvol. Hy is ook 'n diaken in die kerk. Nes Bobby, huur hy 'n kamer by tannie Rhoda se losieshuis. Hy is dus 'n kennis van Bobby. Bobby het hom waarskynlik genooi om saam met hulle te kuier.
- 13.** Antwoord:
Sy sê dat as Kevin 'n meisie alleen (op haar eie) kry, hy haar sal vasdruk (waarskynlik sonder haar toestemming / teen haar wil). / Sy dink hy is pervers / wellustig / 'n seksuele pervert.
- 14.** Antwoord:
Tannie Lettie het juffrou September "alles vertel" wat sy dink "n mens behoort te weet" omtrent Bobby.
- 15.** Antwoord:
Figuurlik (as jy letterlik iemand se hart steel sal die persoon sterf of is die persoon reeds dood). Die uitdrukking beteken "iemand se hart verower" of "jou by iemand bemind maak" of "op iemand verlief raak".
- 16.** Antwoord:
Sy het nou 'n mens (Bobby) in haar lewe. Sy is nie meer alleen op die aardbol nie. Sy is weer gelukkig.
- 17.** Antwoord:
Hy beseer sy elmboog (dit bloei). Die vel op sy knieë is nerfaf (die bloed sypel daaruit). Sy enkel is geswik.
- 18.** Antwoord:
Bobby se kamer lyk net so leeg en hartseer (treurig) soos juffrou September se kantoor.
- 19.** Antwoord:
Nathalie sê dat sy nie al dié dinge wil hê nie; sy wil net vir hom hê. / Geld en besittings maak nie vir Nathalie saak nie. Sy wil net by Bobby wees, maak nie saak of hy geld het of nie (bl. 111).
- 20.** Antwoord:
Nathalie is meer belangrik vir Bobby as dwelms. / Nathalie is nou Bobby se "dwelm" - sy vul sy lewe soveel dat hy nooit weer dwelms sal nodig hê nie.

HOOPVOL

“Die hoop beskaam nie.”

(Ontleen aan Romeine 5:5 in die Bybel.)

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Paragraaftipe Vraag

“Kyk, Ben, álmal het ’n pa, net jy nie.”

Let Op: Lees aandagtig deur die paragraaftipe vraag sodat jy weet waarop jy moet let.



Lesersrespons: Oop vir eie interpretasie. Onthou: paragraafvorm.

Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 180 woorde oorskry nie.

Let wel (moontlike lesersrespons):

Ben is baie bewus daarvan dat hy nie ’n pa in sy lewe het nie. Hy wonder oor mense soos hy wat nie ’n pa het nie, en of mens regtig ’n pa nodig het. Oral waar hy gaan sien hy seuns met hulle pa’s. Hy voel asof hy getart word oor die feit dat almal, behalwe hy, ’n pa het. Hy verlang om ’n pa te hê met wie hy dinge kan doen. Toe hy by die meubelfabriek aankom is hy opgewonde, maar ook angstig vir wat gaan gebeur as hy sy pa vind. Hy is bang om te hoop dat hy dié keer sy pa sal vind - hy is voorheen teleurgestel. Tog dagdroom hy oor hoe hy saam met sy pa huis toe sal gaan. Hy voel gefrustreerd en teleurgesteld dat hy nie toegelaat word om sy pa in die meubelfabriek te gaan soek nie. Hy is moedeloos en het ’n gevoel dat sy pa nie (meer) daar werk nie. Hy is ook kwaad omdat sy pa nooit moeite gemaak het om na hóm te soek nie. [180 woorde]



Doen beplanning en stel ’n woordeskattys saam. Lesersrespons mag meer as een paragraaf wees, maar dit mag nie 180 woorde oorskry nie. Onthou: paragraafvorm.

[20 punte]



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 18

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

- 1.**
- 1.1** Antwoord:
Houtgerus. Dit is geleë in die buitewyke (afgeleë voorstedelike wyke [gebiede] aan die buiterand/ buitesy) van Bloemfontein. Ben het die meubelfabriek se adres in die Spur se telefoongids opgespoor/gevind.
- 1.2** Antwoord:
Donderdag. Dit is vier dae nadat tannie Joan vir Ben op 'n besige Sondagmiddag (bl. 102) gebel het.
- 1.3** Antwoord:
Hy moes wag tot hy 'n oggend af het by die werk. / Hy moes wag vir sy oggend af by die werk.
- 1.4** Antwoord:
Sy het nie 'n goeie geheue nie. / Sy is verstrooid/vergeetagtig.
- 1.5** Antwoord:
"[...] hy is rustig daaroor" (bl. 112).
- 2.** Antwoord:
Hy besef dat sy pa miskien nie meer by die fabriek werk nie. Hy besef dat sy pa dalk nooit by die fabriek gewerk het nie.
- 3.** Antwoord:
Hy is te bang om te hoop dat hy dalk die keer sy pa sal vind. Hy is al vantevore teleurgestel toe hy nie sy pa by die varsproduktemark kon vind nie.
- 4.** Antwoord:
In die winkelsentrum ("shopping mall"); by die Spur-restaurant; op die sypaadjies; op televisie.
- 5.** Antwoord:
Hy voel seergemaak en hartseer. / Dit is asof iemand hom treiter met die feit dat hy nie 'n pa het nie. "Dis asof iemand aspris vir hom wil sê: Kyk, Ben, álmal het 'n pa, net jy nie." (bl. 112)
- 6.** Antwoord:
Hy is die ouer man wat "in die groot huis op die erf bly" (bl. 112), waar Ben 'n kamertjie huur.

- 7.** Antwoord:
tandarts / buiteland
-
- 8.** Antwoord:
Oom Frans en sy vrou het eenkeer hulle seun gaan besoek. Hulle vind Engeland te vreemd. Hulle sal nie sommer weer by hom gaan kuier nie. Hulle seun en sy familie sal dalk nooit weer terugkom Suid-Afrika toe nie.
-
- 9.** Antwoord:
Ben dink dat hy (as hy sy pa vind) nie sommer / sommerso sy pa sal agterlaat in Suid-Afrika om in Engeland (in die buiteland) te gaan woon nie (bl. 112-113).
-
- 10.** Antwoord:
Ben is opgewonde en/of senuweeagtig en/of angstig en/of bang.
-
- 11.** Antwoord:
Hy droom dat hy vir sy pa sal wag tot sy pa klaar gewerk het. Daarna sal hulle gou sy goed (besittings) by sy kamer gaan haal. Hy sal vandag nog saam met sy pa na sy pa se huis toe ry. Sy pa sal vir hom (Ben) sê om die Spurrestaurant te bel om te laat weet dat hy nie meer daar werk nie. Dalk sal sy pa vir hom werk kry by die meubelfabriek, dan kan hulle saam werk toe ry.
-
- 12.** Antwoord:
"No vacancies" (bl. 113). Geen vakatures.
-
- 13.** Antwoord:
Ben sê dat hy nie eintlik so seker is of sy pa daar (by die meubelfabriek) werk nie, maar mense (tannie Joan) in Pretoria het gesê dat hy dalk/miskien/moontlik daar (by die meubelfabriek) werk.
-
- 14.** Antwoord:
Die vrou het aangedui dat sy sal kyk of Ben se pa by die fabriek werk (waarskynlik in die personeeldatabasis). Sy het gevra dat Ben sy pa se naam moet neerskryf en seker moet maak van die spelling (aangesien daar baie mense daar werk). Ben ken net sy pa se bynaam, "Oil". Hy weet nie wat sy pa se voornaam of van is nie. Die vrou sê dat "name sonder vanne" nie werk nie, ook nie byname nie. Die vrou kan dus nie uitvind of Ben se pa by die fabriek werk nie ('n werker se bynaam sal waarskynlik nie in die personeeldatabasis wees nie).
-
- 15.** Antwoord:
Niemand behalwe die mense wat daar werk mag by die fabriek ingaan nie / word in die fabriek toegelaat nie.
-
- 16.** Antwoord:
Hy besluit dat hy nou klaar is met die soektog na sy pa. Hy besluit om terug te gaan na Johannesburg. Dit is nie vir hom nodig om 'n pa in sy lewe te hê nie. / Hy het nie regtig 'n pa nodig nie.
-

HOOPVOL

“Die hoop beskaam nie.”

(Ontleen aan Romeine 5:5 in die Bybel.)

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Die e-Antwoordgids (ISBN 978-1-775990-57-4) is te koop beskikbaar met die aankoop van die Handleiding en Gids (ISBN 978-1-775990-59-8).

Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 19

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.



1.

1.1 Antwoord:

Die arm gemeente van Kleinkoppies se Apostoliese kerk.

1.2 Antwoord:

Hulle moet die kerk ondersteun, want die gemeente is baie arm en het die geld nodig. / Dit is die Apostoliese kerk waar pastoor Chalmers die pastoor is en hy werk baie hard om die arm mense van Kleinkoppies te help.

1.3 Antwoord:

Sy kan aan sy gesigsuitdrukking sien dat hy nie lus is om saam te gaan nie, al sê hy niks nie.

1.4 Antwoord:

Liefie is deel van die Kleinkoppies-gemeenskap en het baie arm grootgeword. Die kerkbasaar herinner haar aan "al die gesukkel en die min kos en die flenterklere" (bl. 117) van haar kinderjare. / Sy onthou die kerk se donasies wat sy ontvang het en voor dankbaar moes wees (al was dit dikwels tweedehands).

1.5 Antwoord:

Sy sê Liefie moet die kerkbasaar ondersteun en belangstelling toon, nie net 'n donasie gee nie. Sy sê Liefie moet dit doen vir al die ander arm kinders van Kleinkoppies wat sukkel omdat hulle ook arm grootword.

1.6 Antwoord:

Hy doen baie afleweringe op Saterdag - hy kan dus nie lank bly nie, want hy moet werk.

2. Antwoord:

Liefie, Bobby en Olivia.

3. Antwoord:

Sy vra: "Wat het my besiel?" (Waarom het ek ingestem om saam te kom?). Sy trek haar mond op 'n plooi.

4. Antwoord:

Hy is verslae (ontsteld/teleurgesteld) wanneer hy sien Bobby en Nathalie is saam (betrokke by mekaar).

5. Antwoord:

Sy voel nie oor Sakkie soos hy oor haar voel nie. / Sy stel nie romanties belang in hom nie.

- 6.** Antwoord:
Sakkie wys daarop dat Bobby by Noupoot was vir dwelms / dwelms gebruik het / verslaaf was aan dwelms.
- 7.** Antwoord:
Sakkie het 'n goeie werk. Hy gaan 'n promosie en behuisingsubsidie kry. Hy sal kan bekostig om 'n mooi huis te koop of te laat bou. Hy kan Nathalie stabiliteit bied. Daarenteen was Bobby 'n dwelmverslaafde. Hy het nie 'n goeie werk nie (sy werk betaal nie so baie soos Sakkie s'n nie). Hy het tans geen stabiliteit nie.
- 8.** Antwoord:
Sakkie is ontsteld. Hy wikkel sy hand los van hare. Hy staan op en stap weg, sonder om 'n woord te sê.
- 9.** Antwoord:
Hoopvol. Nathalie voel vir die eerste keer in 'n baie lang ruk dat die lewe "nogal oukei" is / nie so sleg is nie. / Sy en Bobby beplan om saam Hoopvol te verlaat. Hulle gaan saam wees en dis al wat saak maak.
- 10.** Antwoord:
Sherelene is die burgemeester (juffrou September) se assistent. Gilbert is Sherelene se kêrel.
- 11.** Antwoord:
Dit is Nathalie se laaste basaar voor sy Hoopvol saam met Bobby verlaat. / Sy wil graag hê pastoor Chalmers (haar voog) moet saam met haar en haar vriende op haar laaste basaarfoto wees.
- 12.** Antwoord:
Juffrou September sal nie onnodig (sommer net) vir Nathalie laat roep/kom nie. Nathalie is waarskynlik bekommerd dat iets fout is / gebeur het / skeefgeloop het.
- 13.** Antwoord:
Hulle is besig om 'n nuwe mat ("Vrolike, roomkleurige mat" [bl. 1 2 2]) in juffrou September se kantoor te lê / die ou mat (aaklige bruin "stippeltjiem" [bl. 1 2 2]) in juffrou September se kantoor te vervang. Nathalie voel dat die nuwe mat net reg is vir juffrou September (die ou mat het die kantoor hartseer/treurig laat lyk).
- 14.** Antwoord:
Juffrou September het 'n kaartjie (met 'n liefdesboodskap) ontvang van haar "verlore liefde" wat aandui dat hy steeds (na al die tyd) aan haar dink. Juffrou September huil as gevolg van die kaartjie. Sy het nodig gehad om die kaartjie, sowel as haar emosies (hoe sy daarvoor voel), met Nathalie te deel.
- 15.** Antwoord:
Sy herken dadelik die handskrif as pastoor Chalmers s'n ("die groot, bonkige letters" [bl. 1 2 2]). Sy skrik groot (kry hoendervleis) toe sy besef wie juffrou September se verlore liefde is: dis pastoor Chalmers!
- 16.** Antwoord:
Haar oë is rooi en die punt van haar neus is ook rooi.

- 17.** Antwoord:
Bobby sê hy en sy ouers is nie kwaad vir mekaar nie. Hulle kommunikeer nou en dan telefonies met mekaar. Hy dink hulle is bly dat hy nie meer 'n probleem is vir hulle nie. Hy verstaan dat hulle waarskynlik bly is om ontslae te wees van hom. Sy ouers beplan om na Australië te gaan (emigreer), maar hy gaan nie saam nie - hulle verhouding het 'n bietjie spasie ("time out" [bl. 123]) nodig.
- 18.** Antwoord:
Na Noupoot was Bobby op pad huis toe (na Bloemfontein), toe die trein op Hoopvol stop. Op die ingewing van die oomblik het hy "sommer net afgeklim" (bl. 123). Hy was nie lus om terug te gaan Bloemfontein toe nie. Hy het daarom besluit om vir 'n rukkie op Hoopvol te bly en te kyk of hy werk kon kry.
- 19.** Antwoord:
Bobby dink daaraan om Kersfees sy ouers te gaan sien en nooi Nathalie om saam te gaan. Dit dui aan dat hy nie skaam is vir haar nie / dat hy ernstig is oor sy verhouding met haar.
- 20.** Antwoord:
Hy gee vir haar 'n mooi roesrooi karoklip wat hy optel. Dit is simbolies van hulle liefde. Dit is ook simbolies van Bobby se belofte om getrou te wees aan Nathalie en om haar saam met hom weg te neem van Hoopvol.
- 21.** Antwoord:
Sy word agtien jaar oud. Sy het nog nooit alkohol gedrink nie, en gaan vir die eerste keer daardie Sondagand 'n glasie vonkelwyn drink (met haar ouers se toestemming) en met haar vriende in 'n kroeg kuier.
- 22.** Antwoord:
Bobby sê hy is te moeg om te gaan. Hy slaap die afgelope ruk sleg. Hy wil eerder tuis bly en gaan slaap.
- 23.** Antwoord:
Liefie neem vir Olivia na tannie Lettie se kantoor. Sy sê vir Gielie om 'n dubbel tequila vir Olivia te kry en om vir Sakkie te bel. Sy sê Nathalie moet iets soek vir Olivia om aan te trek. Liefie gee vir Olivia die tequila om af te sluk (om haar te kalmeer). Sy sê Gielie moet uitgaan sodat hulle vir Olivia kan klee (aantrek).
- 24.** Antwoord:
Sy het kliphard geskree. Hy het geskrik en gemaak dat hy wegkom.
- 25.** Antwoord:
Bobby. / Sy beweer Bobby het dit gedoen.
- 26.** Antwoord:
Liefie kan nie glo dat dit Bobby was wat Olivia aangerand het nie, maar Nathalie kan sien sy twyfel (al sê sy dat dit nie hy kan wees nie). Nathalie is geskok en ontsteld. Sy stap huis toe. Sy probeer positief bly dat dit nie Bobby kan wees nie, maar sy kan nie die beeld van Olivia uit haar kop uit kry nie. Sy bewee van ontsteltenis.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 20

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Hy hou die gesinne dop wat by die Spur kom eet (kuier en lag).
2. Antwoord:
Die mense is dronk/besope/bedwelmd deur drank. Die mense baklei met mekaar oor simpel goed.
3. Antwoord:
Die mense is nugter/sober/nie meer dronk nie. Die mense kom weer goed oor die weg met mekaar.
4. Antwoord: .
Hulle woon saam in een huis ("onder een dak" [bl. 128]), totdat die seun ("Boetie") of die dogter ("Sussie") trou of verder gaan studeer ("swot") en die huis verlaat. Daarna kry hulle kinders ("babatjies")/begin hulle 'n gesin van hul eie. Naweke kom kuier hulle by hul ouers (hulle kinders se grootouers, "Oupa" en "Ouma").
5. Antwoord:
Hulle het Sondae gaan piekniek hou by die Dieretuinmeer. Daar het hulle soms 'n kano gehuur waarmee Ben en Elma op die meer gevaar het, terwyl hulle ma onder 'n boom gesit en lees het.
6. Antwoord:
Hy het vreeslik lekker gelag.
7. Antwoord:
Naweke / gewoonlik / winkelsentrum / rondgehang / speletjies / speletjiesarkade / rolprente / rolprentteater
8. Antwoord:
Dit verwys na Ben se ma se leuen. Sy ma het gesê dat sy pa dood is aan malaria en longontsteking in 'n vreemde land in Afrika, net voor hulle sou trou - die troue was klaar gereël.
9. Antwoord:
Ben besluit dat hy eendag sy kinders gaan leer dat dit oukei is om nie grootouers ('n ouma of oupa) te hê nie, en dat dit ook oukei is om net een ouer ('n ma of 'n pa) te hê.
10. Antwoord:
Hy dink sy hou baie van hom (is dalk verlief op hom) en dus hartseer dat hy weggaan.

- 11.** Antwoord:
Hy sien 'n man (pa) en sy seun. Die seun dra krieketklere. Die man (pa) is baie trots op sy seun. Hy sê dat hy (seun) nog eendag vir die Proteas gaan kolf. Die seun glimlag verleë (skaam), maar hy is duidelik baie opgehef/opgewonde/opgemaak - hy geniet dat sy pa hom ondersteun / trots is op hom / hoog dink van hom.
- 12.** Antwoord:
Die nasionale krieketspan van Suid-Afrika. / Suid-Afrika se nasionale krieketspan.
- 13.** Antwoord:
Hulle is albei baie trots op (opgemaak met) hul seuns, veral wanneer hulle goed presteer op die sportveld.
- 14.** Antwoord:
"[...] as Kleynhans 'n drie druk, wat nogal gereeld gebeur." / "[...] hy weet hoe om 'n bal te vang." (bl. 129)
- 15.** Antwoord:
"Kleynhans is nie voor in die koor as dit by skoolwerk kom nie [...]." (bl. 129)
- 16.** Antwoord:
Mense hou nie daarvan wanneer Kleynhans se pa so opgewonde raak (tekere gaan) wanneer Kleynhans 'n drie druk ('n doel aanteken) nie.
- 17.** Antwoord:
Onwaar. Ben kon sien Kleynhans is "lekker opgetrek" (bl. 129) (baie opgehef / opgewonde / opgemaak) "oor sy pa wat so vir hom cheer [toejuig/ondersteun]" (bl. 129-130).
- 18.** Antwoord:
"bierasem" (bl. 130)
- 19.** Antwoord:
Nee. Hy sukkel om te slaap (aan die slaap te raak). Hy dink die heeltid aan die krieketoutjie en sy pa, sowel as aan Kleynhans en sy pa. Die gedagte aan hulle laat dink hom aan sy eie pa (sy soeke/verlange na sy pa).
- 20.** Antwoord:
Hy besluit om "een laaste keer" (bl. 130) te gaan kyk of hy sy pa by die meubelfabriek kan vind. Daarna is hy klaar met sy soektog na sy pa: "[m]aar dan is dit klaar" (bl. 130).
- 21.** Antwoord:
hoopvol



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 21

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
"deur die blare" (bl. 131) en "deur die dinges" (bl. 132)
2. Antwoord:
Pastoor en mevrou Chalmers slaap nog. Sakkie se ma wil weet waarom Nathalie so vroeg bel. Sakkie slaap nog (is nog nie op/wakker nie). Hy klink deur die slaap.
3. Antwoord:
Sy wil weet waar Bobby is. Nee, sy besluit om eerder met Sakkie te praat.
4. Antwoord:
Sakkie sê hy moes vir Bobby in hegtenis neem omdat dit sy werk is (Bobby is die enigste verdagte). Hy sê dat hulle die ondersoek voortsit: hulle moet nog verklarings afneem en probeer om ooggetuies te kry. Sakkie se antwoord onthul dat hy pligsgetrou en eerlik is. Hy is ernstig oor sy werk en sal altyd die regte ding doen, ten spyte van die feit dat hy iemand wat hy ken moet aankeer (arresteer/in hegtenis neem).
5. Antwoord:
Nathalie is moedeloos/mismoedig. Sy verloor hoop dat dinge/sake sal regkom of beter sal verloop.
6. Antwoord:
Nee. Hy sê niemand is skuldig voordat die hof so gesê het nie. Hy dink dat Bobby 'n goeie seun is. Hy glo nie Bobby sou iemand kon aanrand en probeer verkrag nie.
7. Antwoord:
Sy dink aan die donker kringe onder Bobby se oë en wonder of hy maar net moeg was. (Onthou: hy het gesê dat hy die afgelope paar aande vrot/sleg slaap [bl. 123]). Sy wonder of Bobby dalk weer dwelms begin gebruik het. Gielie het gesê mens kan dagga op die dorp koop. Tannie Lettie het gesê min verslaafdes kom ooit weer reg nie. Sy dink aan wat Bobby haar vertel het van die meisies wat hy teen hulle wil vasgedruk het (terwyl hy onder die invloed van dwelms was). Sy beseft dat Bobby skuldig is (vir Olivia aangerand het).
8. Antwoord:
Dit dui op Nathalie se gedagtes (onvoltooide gedagtegang) sowel as haar twyfel (weifeling).

- 9.** Antwoord:
wanhopig / angstig / gespanne / hartseer
- 10.** Antwoord:
Sy hoor die gefluister (mense skinder). Sy sien die nuuskierige kyke (mense kyk nuuskierig rond).
- 11.** Antwoord:
Sy kyk vir Nathalie beskuldigend aan met "koue oë" wat oordeel uitspreek: "Ek het jou mos gesê" (bl. 134).
- 12.** Antwoord:
Olivia is die vorige aand (Sondagaand) aangerand. Haar aanrander het haar probeer verkrag.
- 13.** Antwoord:
Olivia is "nogal seker" (bl. 134) dat dit Bobby was wat haar aangerand het. Dit was donker, maar sy kon sien dat die man wat haar aangerand het kort was en "mank geloop" (bl. 134) het. Sy het ook die rooi afleweringsbakkie "uit die parkeerterrein sien wegjaag" (bl. 134). Bobby is kort en loop mank as gevolg van die motorfietsongeluk waarin hy betrokke was. Bobby bestuur gewoonlik die rooi afleweringsbakkie.
- 14.** Antwoord:
Dit dui op Sakkie se ongemak. Hy weet nie hoe om vir Nathalie te sê dat Olivia seker is dat Bobby die een is wat haar aangerand het nie / dat Bobby waarskynlik skuldig is nie.
- 15.** Antwoord:
Sy sien die beeld van Olivia se verskrikte gesig, die "straaltjie bloed wat by haar [Olivia se] mondhoek afloop" en Olivia se "ontblote borsie" (bl. 135). Sy onthou Olivia se verklaring dat haar aanrander kort was en mank geloop het, en dat hy in 'n rooi afleweringsbakkie weggejaag het. Sy onthou tannie Lettie se stelling dat min dwelmverslaafdes ooit regkom (herstel).
- 16.** Antwoord:
Juffrou September is 'n bruin vrou en pastoor Chalmers is 'n wit man. Dit was nie aanvaarbaar vir 'n wit man om met 'n bruin vrou te trou nie. Pastoor Chalmers het gedoen wat van hom verwag was en daarom het hy eerder met 'n wit vrou getrou (ten spyte van die feit dat sy hom nie gelukkig maak nie).
- 17.** Antwoord:
Bobby het Sondagaand een van tannie Rhoda se blou slaappille geneem. Hy het die hele aand vas geslaap. Tannie Rhoda het gesien hoe Kevin met die rooi afleweringsbakkie wegry. Hy is aangekeer en het alles erken.
- 18.** Antwoord:
Die dui op 'n onderbreking (onvoltooide gedagtegang). Nathalie laat nie toe dat Sakkie klaar praat nie - sy onderbreek hom; sy luister nie klaar/verder na hom nie.

19. Antwoord:

Bobby is weg. Sy kamer is leeg (asof niemand ooit daar gebly het nie). Al wat sy daar vind is "die mooi klip wat hy vir haar opgetel het" (bl. 138).

20. Antwoord:

"Hulle het daar ook gedink hy is skuldig." (bl. 137)

21. Antwoord:

Hoopvol is 'n baie klein (plattelandse) dorpie in die Karoo waar almal vir almal ken en almal alles van almal weet. / Nuus versprei vinnig op klein dorpie. / Op klein dorpie weet byna almal alles van byna almal.

22. Antwoord:

Sy sê alle mans is slegte nuus. Volgens haar is alle mans eendimensioneel: "die een [dimensie] wat jy sien. Daar is niks meer nie" (bl. 140). Sy sê mans word baie oorskakel.

23. Antwoord:

"Mans is soos papierpoppe." (bl. 140). Mans is so eendimensioneel soos papierpoppe: wat jy sien, is wat jy kry.

24. Antwoord:

Sy sê sy het vir Nathalie en Liefie "met die hand uitgesoek" (bl. 140). Sy wil hê hulle moet eendag die hotel by haar oorneem (wanneer sy nie meer kan nie / wanneer sy sterf).

25. Antwoord:

Sy is kwaad vir Olivia omdat sy Bobby beskuldig het van aanranding en poging tot verkragting. Dit het daartoe gelei dat Bobby in hegtenis geneem is en Hoopvol sonder haar (Nathalie) verlaat het ná hy vrygelaat is.

26. Antwoord:

Nathalie het haar sandale verloor (die een sandaal het uitgeval en sy het die ander een uitgeskop) toe sy gehardloop het van die hotel na tannie Rhoda se losieshuis. Nathalie se hare was waarskynlik deurmekaar en sy wou dit borsel (mooi maak) voor sy na juffrou September gaan om vir hulp te vra.

27. Antwoord:

Juffrou September weet dadelik dat iets fout is. Sy maak verskoning aan haar raadslede, verlaat haar vergadering en neem vir Nathalie na Beaufort-Wes om na Bobby te gaan soek.

28. Antwoord:

Sy sien hom op Beaufort-Wes se stasie, in die Johannesburg-trein wat langs haar trein op die spoorlyn staan. Sy herken hom aan die swart vlekke (geboortemerk) aan sy elmboog.

29. Antwoord:

Hy sit op die Johannesburg-trein en sy sit op die Hoopvol-trein. / Hy het oorfone op sy kop (hy luister na musiek) - hy hoor haar nie. / Sy oë is toe - hy sien haar nie. / Sy kan nie die treinvenster oopkry (om sy

aandag te trek) nie want dit haak vas - hy hoor/sien haar nie. / Sy probeer van die Hoopvol-trein afklim, maar dis te laat want haar trein het reeds begin wegtrek en versnel - die kondukteur laat nie toe dat sy afklim nie.

30. Antwoord:

"Dis dan dit. Dis die lewe. Goed werk nie uit nie." (bl. 144)

31. Antwoord:

Sy beplan om haar goed (besittings) te pak en Hoopvol vir ewig te verlaat. / Sy besluit om na Johannesburg te verhuis en beplan om in haar tannie Mabel se rokwinkel in Mayfair te werk.

32. Antwoord:

Nathalie het werk gekry in die Kaap of iewers. / Nathalie is weg met die trein. / Niemand sal hom kan help om vir Nathalie te vind nie. / Nathalie het gesê sy wil aangaan met haar lewe sonder hom (Bobby). / Nathalie het gesê Bobby moet aangaan met sy lewe sonder haar (Nathalie). / Sy gee voor asof sy Bobby se kontaknommer vir Nathalie gaan/sal gee, maar sy is nie van plan om dit te doen nie (sy frommel dit op en sit dit in haar sak).

33. Antwoord:

Tannie Lettie dink dat sy vir Nathalie beskerm. / Sy dink Bobby is "bad news" (slegte nuus) (bl. 145). / Sy dink Bobby is nie goed genoeg vir Nathalie nie en dat hy Nathalie se lewe gaan opmors. / Sy hou nie van Bobby nie. / Sy wil nie hê Nathalie moet by Bobby betrokke wees nie omdat sy wil hê Nathalie moet eendag die hotel oorneem. / Sy dink sy doen Nathalie 'n guns deur vir Bobby weg te hou van haar.

34. Antwoord:

Olivia hoor die telefoongesprek wat tannie Lettie met Bobby voer. Sy sien ook hoe tannie Lettie Bobby se kontaknommer afskryf, maar die papier opfrommel. Tannie Lettie dreig vir Olivia dat sy haar werk sal verloor as sy enigiemand vertel van Bobby se oproep. Sy koop vir Olivia om met die belofte van 'n blink toekoms by die hotel as sy net stilbly. Olivia het die werk by die hotel nodig en belowe dat sy niks gehoor het nie.

35. Antwoord:

Sy is swanger (verwagtend) met Bobby se kind en dink sy sal vir haar vaderlose kind moet sorg. / Dalk is sy te skaam om op Hoopvol te bly, aangesien sy ongetroud is en swanger (verwagtend) is met Bobby se kind. / Dalk hoop sy om vir Bobby te vind terwyl sy in Johannesburg is. / Sy wil wegkom uit Hoopvol. Noudat Bobby weg is, is haar enigste keuse om by haar tannie Mabel in Johannesburg te gaan woon.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 22

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
"Ben het sy plan mooi uitgewerk." (bl. 148)
2. Antwoord:
Ben se plan is om op die sypaadjie by die stopstraat te staan. Van daar sal hy almal (al die fabriekswerkers) kan sien wat die gebou (fabriek) verlaat.
3. Antwoord:
Dinsdagmiddag om halfdrie. / Dinsdagmiddag om 14:30.
4. Antwoord:
Ja. Al die fabriekswerkers wat in motors ry moet by die stopstraat stop. Ben kan dus almal se gesigte sien. Hy is tevrede met sy strategiese plan.
5. Antwoord:
"Hy moet kophou om almal om hom dop te hou." (bl. 148)
6. Antwoord:
Ben moet nou (vandag) sy pa vind. Daar gaan nie later 'n kans wees nie. / Dit is die laaste keer dat Ben gaan kyk of hy sy pa by die fabriek kan vind. / Hy gaan Bloemfontein verlaat; hy gaan terug na Johannesburg.
7. Antwoord:
Eie mening. Ja, dis die waarheid. Ben het sy hele lewe lank sonder 'n pa oor die weg gekom. Hy sal regkom. Dit is dus nie 'n "big deal" (bl. 149) vir hom nie. / Nee, dis 'n leuen. Ben lieg vir homself. Hy sou nie so hard gesoek het na sy pa as dit nie baie belangrik vir hom was nie. Dit is dus wel 'n "big deal" (bl. 149) vir hom.
8. Antwoord:
Hy sal altyd wonder of sy pa nie tog by die fabriek gewerk het nie / hy nie tog sy pa daar sou gevind het nie.
9. Antwoord:
"Dan is dit nou klaar, besluit Ben. Vir altyd." (bl. 149)
10. Antwoord:
Hy het tot sesuur buite die meubelfabriek gewag, maar hy het nie sy pa onder die fabriekswerkers gesien nie.

- 11.** Antwoord:
"Miskien was sy pa nie vandag by die werk nie. Sy pa is dalk siek of iets ..." (bl. 149).
- 12.** Antwoord:
Uit en gedaan. / Klaar en gedaan. Dit is klaar/verby. Daar kan niks meer gedoen of verander word nie.
- 13.** Antwoord:
Hy voel moedeloos/terneergedruk dat hy nie sy pa kon vind nie. Hy wil homself dus smoordronk drink.
- 14.** Antwoord:
"suij" (bl. 149)
- 15.** Antwoord:
"Die plek is stampvol." (bl. 149)
- 16.** Antwoord:
Die mans dra groen oorpakke "soos hy gesien het die meubelfabriek se werkers dra" (bl. 149).
- 17.** Antwoord:
Hy sê/bevestig dat hy agtien jaar oud is. Later sê hy dat hy saam met sy pa by die kroeg is.
- 18.** Antwoord:
"Die kroegman kyk wantrouig na hom [...]" (bl. 150)
- 19.** Antwoord:
Ben dink: "wat daarvan" as hy drink? / Wie sal nou omgee as hy drink? / Wat maak dit saak as hy drink?
- 20.** Antwoord:
Hy gaan saam met Kleynhans pylgooi speel en bier drink. Hy gaan by tannie Pop (in haar agterkamer) woon totdat hy klaar is met skool. Daarna sal hy werk soek en 'n blyplek van sy eie kry.
- 21.** Antwoord:
Dit beteken om onafhanklik te wees. Jy neem jou eie besluite. Niemand kan vir jou sê wat om te doen nie.
- 22.** Antwoord:
Hy hoor hoe een van die mans wat pylgooi speel die naam "ou Oil" uitroep (bl. 151).
- 23.** Antwoord:
Ben lyk baie soos Oil (asof hy familie is van Oil). Ben het dieselfde geboortemerk soos Oil op sy elmboog.
- 24.** Antwoord:
Waar. "Hy [Oil] was die darts champ hier rond." (bl. 151)
- 25.** Antwoord:
Hy het ongeveer agtien maande gelede na Hoopvol gegaan om na 'n spesifieke meisie te gaan soek.



eduresource20

DEEL II

... en jou hoop sal jou nie ontnaem word nie.

(Spreuke 23 : 18)





Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 1

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Die dag toe Ben, sy ma en Elma vir Fiona in Fordsburg raakgeloop het (bl. 155). Fiona het die plek se naam genoem toe sy gesê het dat sy Ben se ma, Nathalie, laas (jare gelede) op Hoopvol gesien het (bl. 155).
2. Antwoord:
Die dag toe Ben op die prokureursbrief in sy ma se kas (by die huis) afgekom het. Die plek se naam het op die agterkant van die koevert (waarin die prokureursbrief was) gestaan (bl. 156).
3. Antwoord:
Hulle was saam op skool op Hoopvol / was in dieselfde vriendekring / het saam gewerk by die munisipaliteit.
4. Antwoord:
Ben se ma het bleek geword van skrik. / Ben se ma het "verskrik geprewel [gemompel]".
5. Antwoord:
Fiona het nie geweet dat Ben se ma, Nathalie, swanger was met Bobby se kind toe sy Hoopvol verlaat het nie. / Sy wou nie hê haar seun, Ben, moet enigiets (d.w.s. die waarheid) oor sy biologiese pa te hore kom nie.
6. Antwoord:
Onwaar. Nathalie het gelieg oor die tandartsafpraak sodat sy nie met Fiona hoef te gesels nie. Sy vertel haar kinders dat sy vergeet het dat dit eintlik sy is wat eers die volgende week 'n tandartsafpraak het (bl. 156).
7. Antwoord:
Hy was opsoek na foto's van sy biologiese pa.
8. Antwoord:
Ben se ma het eiendom op Hoopvol. Die prokureur het die brief aan haar gestuur (na aanleiding van hâar navraag) om haar in te lig daaroor. Die prokureur wag op haar opdrag oor wat om met die eiendom te doen.
9. Antwoord:
Pastoor Chalmers en sy vrou woon nie meer op die dorp (in die huis) nie. Die huis is in 'n toestand van verwaarloosing. Die huis sal nie 'n hoë verkoopsprys behaal nie - die eiendomsmark is nie baie aktief nie.
10. Antwoord:
"n klein kolletjie tussen niks en nêrens in die Karoo" (bl. 157) en "terug plek" (bl. 157)

- 11.** Antwoord:
Sodra Ben op Hoopvol aankom, moet hy opnuut na werk en blyplek soek, en ook sy soektog na sy pa voortsit.
- 12.** Antwoord:
Hy besluit dat hy dan "regtig klaar gesoek" (bl. 158) gaan wees / klaar gaan wees met sy soektog na sy pa. Daarna sal hy 'n plan moet maak met sy lewe, maar hy weet nog nie wat nie.
- 13.** Antwoord:
Dit behoort vir Ben veel makliker te wees om na sy pa te soek/vind op 'n klein dorpie soos Hoopvol (waar almal vir almal ken), as wat dit was om na sy pa te soek/vind in groot stede soos Pretoria en Bloemfontein.
- 14.** Antwoord:
"[...] somehow [op die een of ander manier] dink hy sy pa gaan nie hier wees nie" (bl. 159). Eie mening:
Hy is moedeloos omdat hy al vantevore teleurgestel is toe hy nie sy pa kon vind nie. OF Hy kan homself nie indink dat sy pa op so 'n "terug"/dorre/klein plekkie sal wees nie.
- 15.** Antwoord:
groot skildery van die Karoo / reuse-lugfoto van die dorp / groot rottangstoele / goudkleurige Koning George-stoele / heldergroen / wynrooi
- 16.** Antwoord:
"Eiendom" (bl. 159) / Hy sê hy het eiendom wat hy wil verkoop (bl. 160).
- 17.** Antwoord:
Hy eet gulsig aan die hoender (al is dit met 'n vreemde sous) en slaai (al lyk dit soos 'n oerwoud).
- 18.** Antwoord:
Mietie se kos was swaar en het nie slaai ingesluit nie. Liefie se kos is ligter en sluit slaai in.
- 19.** Antwoord:
"asof sy 'n spook gesien het" (bl. 160) en "asof die man 'n spook gesien het" (bl. 161)
- 20.** Antwoord:
Ben voel selfbewus en ongemaklik: "Hy voel verleë" (bl. 160) en "Ben voel kriewelrig" (bl. 161).
- 21.** Antwoord:
Ben lyk baie na sy pa, Bobby. Ben het sy ma, Nathalie, se nooiensvan.
- 22.** Antwoord:
Liefie en Frans het vir Nathalie en Bobby geken - hulle was goeie vriende. Hulle besef dat Nathalie swanger was met Bobby se kind / dat Ben Bobby en Nathalie se seun is. Hulle is geskok dat Nathalie oorlede is.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 2

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Die mense ken almal mekaar en groet almal mekaar. / Almal ken vir almal en almal groet vir almal.
2. Antwoord:
"helwarm" (bl. 163)
3. Antwoord:
"lugverkoeler" (bl. 163)
4. Antwoord:
Hy sê daar is besigheid wat hy moet doen/afhandel. Hy wil ook vir 'n rukkie op Hoopvol werk.
5. Antwoord:
Hy wil nie vir oom Frans lieg nie. / Hy beplan nie noodwendig om die volgende jaar terug te gaan skool toe nie. / Hy is nie seker of hy die volgende jaar wil teruggaan skool toe nie.
6. Antwoord:
Hy wil byvoeg dat sy marhulle se dood eintlik sy skuld was (dus nie 'n ongeluk nie), maar hy bly eerder stil.
7. Antwoord:
Die tuin is half wild en nie soos die tuine waaraan Ben waarskynlik gewoon is in die stad/stede nie.
8. Antwoord:
Dit is Bybelse name (die name kom voor in die Bybel).
9. Antwoord:
Hulle is die Van Eedens se diere: Dawid en Jonatan is twee boerbeoue/honde en Rebekka is 'n ooi/skaap.
10. Antwoord:
Die jong dier word sonder moedersorg/moedersmelk grootgemaak en word met die hand/bottel gevoed.
11. Antwoord:
Hy sê vir haar dat dit "nou Ben" (bl. 165) is. Ben is 'n stadsjapie, afkomstig vanaf Johannesburg. Ben is daar (op die plaas, Soetwater) om op die plaas te werk en 'n bietjie werksondervinding/ervaring op te doen.
12. Antwoord:
Die buitekamer was oom Frans en tannie Nonnie se oorlede seun, Charl, se kamer. Sy is verbaas omdat hulle waarskynlik die kamer toe gehou het sedert hul seun se dood, amper 'n jaar en 'n half gelede. Dit sal dus waarskynlik die eerste keer wees dat iemand in die buitekamer slaap.

- 13.** Antwoord:
Oom Frans wil dalk hê dat hy en sy vrou moet aanbeweeg van hulle oorlede seun, Charl, se dood. / Oom Frans wil dalk sy vrou help om aan te beweeg van hulle oorlede seun, Charl, se dood (om haar hartseer te verwerk).
- 14.** Antwoord:
Die Van Eedens is ordentlike mense en Ben wil waarskynlik nie hê hulle moet sleg dink van hom nie.
- 15.** Antwoord:
In sy kamer is daar trofee en rosette. Op die foto's in sy kamer dra hy óf rugbyklere óf atletiekdrag.
- 16.** Antwoord:
Soos enige tipiese tienerseun, het Charl van modelvliegtuie, videospeletjies, sport (rugby) en karre gehou.
- 17.** Antwoord:
Hy voel ongemaklik omdat die buitekamer tannie Nonnie en oom Frans se oorlede seun se kamer was. Hy wil nie dinge moeilik maak vir tannie Nonnie nie. Tannie Nonnie sê egter dat Ben homself moet tuismaak. Sy sê ook dat sy bly is dat Ben daar (op die plaas) is en dat dit lekker is om weer 'n seun in die huis te hê.
- 18.** Antwoord:
Ben kry koue rillings omdat hy in 'n dooie seun, Charl, se ou kamer is. Al Charl se aardse besittings (alles wat hy nooit weer nodig gaan hê nie) is nog in sy ou kamer.
- 19.** Antwoord:
As hy by die huis was, sou die huisbrand nie uitgebreek het nie / sou hy dalk die huisbrand kon gekeer het. / As hy vroeër terug by die huis was, sou hy by die brandende huis kon inhardloop en sy ma-hulle gered het.
- 20.** Antwoord:
Jy raak lief vir (of geheg aan) iets of iemand sonder dat jy dit besef (of bedoel) het.
- 21.** Antwoord:
Ben vertrou haar en voel veilig by haar. / Ben identifiseer met haar omdat sy ook 'n geliefde verloor het.
- 22.** Antwoord:
Ben was veronderstel om vir Elma op te pas omdat sy ma siek was. Hy wou egter baie graag Kleynhans se nuwe PlayStation-videospeletjie gaan speel. Hy het die aand uitgeglim terwyl sy ma en Elma geslaap het, om na Kleynhans se huise toe te gaan. Hy het die huis gesluit, maar hy het vergeet dat daar 'n kers in sy ma se kamer gebrand het. Toe hy later teruggekom het huis toe, was hulle hele huis aan die brand. Hy blameer homself omdat hy nie by die huis was om die brand te verhoed of keer nie.
- 23.** Antwoord:
Tannie Nonnie sê dat dit nie Ben se skuld was (dat die kers omgeval het) nie. Dit was ook nie haar en haar man se skuld dat Charl (hul seun) beheer verloor het oor sy motorfiets nie. Ongelukke gebeur soms.
- 24.** Antwoord:
Hy besef dat die huisbrand nie sy skuld was nie. Hy herhaal haar woorde: "Dis nie ons skuld nie" (bl. 171).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 3

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Hy maak/klop Ben wakker. Hy roep Ben vir ontbyt. Ben moet klaarmaak; oom Frans wil hom die plaas wys.
2. Antwoord:
Dit is nog donker (die middel van die nag). Ben is nie gewoond daaraan om so vroeg op te staan nie.
3. Antwoord:
Dit is Helena. Sy is oom Frans en tannie Nonnie se dogter. Sy is Charl se suster.
4. Antwoord:
Spek, eiers en roosterbrood.
5. Antwoord:
Oom Frans het klaar geëet en tannie Nonnie staan nie gewoonlik vroeg op nie.
6. Antwoord:
Die nuwe elektriese skeermasjien waarvan oom Frans vir Ben vertel het.
7. Antwoord:
kortbroeke / vuurwarm / Karoo-hitte / agterste / nou / grondpaadjie / suidelike
8. Antwoord:
Hulle roteer die vee sodat die kampe kan rus en die weiding kan herstel.
9. Antwoord:
Rebekka is meer soos een van die honde op die plaas as 'n skaap.
10. Antwoord:
Sy jonger halfsuster, Elma.
11. Antwoord:
Beide hy en sy suster is in Hoopvol se hospitaal gebore.
12. Antwoord:
Op Stellenbosch, gedurende die tyd (vier jaar) toe oom Frans op Universiteit Stellenbosch studeer het.

- 13.** Antwoord:
Hy is verwonderd oor die uitsig (die oop Karoolandskap) en die "honderde skape en huppelende lammers" (bl. 174) wat hy sien. "Dit voel asof hy na 'n 3D Walt Disney movie kyk" (bl. 174).
- 14.** Antwoord:
Die "wolmark is af" (bl. 175). / Die mark vir wol is nie meer so goed nie.
- 15.** Antwoord:
"Hulle wol staan bekend as die goue vag." bl. 175)
- 16.** Antwoord:
Hulle "inspekteer deurlopend die grensdrade" (bl. 175). / Hulle hou 'n veeregister waarin boekgehou word "van presies hoeveel skape op die plaas is" (bl. 175). / Hulle kyk of die "waterkrippe in die kampe vol is" (bl. 175). / Hulle kyk "of die windpompe werk" (bl. 175).
- 17.** Antwoord:
Dit beteken om ervare, geoefend, deskundig of volkome vertrouwd met iets te wees.
- 18.** Antwoord:
Dit is makliker om by al die plekke op die plaas uit te kom (die werk op die plaas te doen) as mens te perd is.
- 19.** Antwoord:
Kort daarna besluit hy om wel die velskoene ("lelike vellies" [bl. 176]) te dra, aangesien die Nikes (tekkies) te veel sal verniel op die plaas. Dit is ironies omdat hy presies doen wat hy nie gedink het hy sal doen nie.
- 20.** Antwoord:
Sy Johannesburg-vriende (sy vriende in Johannesburg) sal hom vreeslik uitlag as hulle hom nou moet sien.
- 21.** Antwoord:
Hy het net een pakkie sigarette en dit sal lank moet hou. Hy weet nie wanneer hy nog sal kan koop nie.
- 22.** Antwoord:
koel / vlak / bodem / blouer / blouste
- 23.** Antwoord:
"Op 'n manier begin die Karoo vir hom werk. Die rustigheid is so anders [...]." (bl. 178)
- 24.** Antwoord:
Onwaar. Ten spyte van die rustigheid wat Ben ervaar op die plaas (in die Karoo), voel hy steeds dat Johannesburg die plek is waar hy eendag "wil bly en werk" (bl. 178).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 4

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Oom Frans moet vir Ben vertel van Nathalie en Bobby. / Oom Frans moet vir Ben vertel waar Bobby is.
2. Antwoord:
Hy is waarskynlik bang vir teleurstelling, indien hulle nie weet waar sy pa is nie. / Hy is bang aangesien hy al so lank na sy pa soek en dit sy laaste kans (hoop) is om sy pa te vind.
3. Antwoord:
Dit beteken om eers op dreef te kom / vertrouwd te raak met (of gewoon te raak aan) 'n nuwe situasie.
4. Antwoord:
Charl is windgat (spoggerig) en Helena is ernstig.
5. Antwoord:
Hy wonder hoe dit voel om met 'n pa op 'n plaas groot te word. 'n Pa wat vir jou 'n PlayStation en duur klere (Diesel-hemde) en tekkies (Nikes) kan koop. Hy wonder of dit dieselfde is soos (of anders voel as) om sonder 'n pa in die stad (Mayfair) groot te word.
6. Antwoord:
Sy sê hy moet saam met haar gaan na Beaufort-Wes om vir Helena te gaan haal. Terwyl hulle daar is, wil sy 'n paar goedjies vir hom gaan koop, "soos sakdoeke en onderklere" (bl. 180).
7. Antwoord:
Dit is 'n besigheid wat besit word deur 'n groep mense wat saamwerk. / 'n Winkel deur boere vir boere.
8. Antwoord:
Hy het min geld oor. Hy moet nog vir die treinkaartjie terug Johannesburg toe betaal.
9. Antwoord:
Hy raak angstig (benoud) wanneer tannie Nonnie voorstel dat hy 'n paar hemde en broeke moet koop, want hy weet hy het nie genoeg geld nie (hy wil nie sy geld mors nie).
10. Antwoord:
Dit is hulle (haar en oom Frans se) manier om hom te vergoed (betaal) vir sy werk op die plaas.
11. Antwoord:
Twee hemde, 'n paar Themde, twee kniebroeke, 'n denimbroeke, 'n paar plakkies, 'n paar onderbroeke en kouse.

- 12.** Antwoord:
By die Engen-garage (Engen-vulstasie) in Beaufort Wes se hoofstraat.
- 13.** Antwoord:
Sy ignoreer hom. / Sy groet hom nie.
- 14.** Antwoord:
Eie mening. | Kompetierend / Eiewys / Arrogant: Helena spog dat haar lammers "baie beter kondisie [het] as die seuns s'n." / Tannie Nonnie sê: "Dis Helena se missie in hierdie lewe om die seuns te wys wat nou eintlik gedoen kan word". | Ongeskik: Sy is kortaf met Ben / sy ignoreer Ben. | Entoesiasties: Sy is opgewonde wanneer sy haar ma vertel van die sog wat vyftien kleintjies gekry het.
- 15.** Antwoord:
Sy vererg haar. Sy hou nie daarvan dat hulle haar los en na Ben toe hardloop nie.
- 16.** Antwoord:
"een van die bobaasboere in hierdie distrik" (bl. 184).
- 17.** Antwoord:
Sy stop by elke perd, vryf oor elkeen se kop en gesels met elke perd (bl. 184).
- 18.** Antwoord:
Jy is nogal 'n grapjas. Ek lag my klaar. / Jy is nogal snaaks. Ek lag my stukkend. (Ek lag geweldig baie.)
- 19.** Antwoord:
Ons dag sal kom.
- 20.** Antwoord:
Hy wil nie sy naam slegmaak voor Helena nie. / Hy wil nie sleg lyk voor Helena nie. / Hy wil nie soos 'n lafaard lyk voor Helena nie. / Hy wil nie hê Helena moet dink hy is bang nie.
- 21.** Antwoord:
Hy voel die wind in sy hare en lag. Hy dink trots: "Ek kan perdry, Kleynhans, my broer." (bl. 186)
- 22.** Antwoord:
Helena se oupa het dit gebou. Hy was baie lief vir water, toe bou hy die plek in die middel van die Karoo.
- 23.** Antwoord:
Hy hou nie van Helena nie. "Hy is nie lus om sy goed vir die vreemde girl te vertel nie, want hy hou nie van haar nie." (bl. 187)
- 24.** Antwoord:
Ben besef dat hy daarvan hou om op 'n perd se rug te wees. Dis nogal iets besonders vir 'n stadsjapie.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 5

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Tannie Esmé. Sy is die Van Eedens se buurvrou. Sy is waarskynlik ook 'n familiëvriendin.
2. Antwoord:
Riana se verjaarsdagpartytjie. Dit word gehou op die buurplaas, Klipfontein, nie ver van Soetwater nie.
3. Antwoord:
Riana en Helena was "nog altyd" (bl. 190)/al die jare goeie vriendinne. Dit is 'n "ideale geleentheid" (bl. 189) vir Ben (die nuweling op Hoopvol/Soetwater) om die ander jongmense in die distrik te ontmoet.
4. Antwoord:
Julies. Hy is een van die plaaswerkers op Soetwater / een van oom Frans se werknemers op Soetwater.
- 5.1 Antwoord:
Helena lag hom uit omdat hy dink hy sien 'n bosluis waar daar nie een is nie.
- 5.2 Antwoord:
Hy sê Ben kom reg want hy "kyk vir die regte goed" (bl. 190). Hy sê ook dat Ben vinnig leer en dalk in die toekoms vir Helena 'n "dingetjie of twee [sal] kan vertel" (bl. 190).
- 5.3 Antwoord:
Helena hou nie van wat oom Frans vir Ben sê nie. / "Helena ruk haar op" (bl. 190) / Helena vererg haar.
6. Antwoord:
Nee. Helena sê sy moet studeer vir 'n toets op Maandag. Ben sê hy wil in die veld gaan stap.
7. Antwoord:
Haar ma het haar oorreed om te gaan. / Sy wil nie vir Riana teleurstel nie. / Sy wil hê haar ma moet ophou neul.
8. Antwoord:
Sy wil nie hê mense moet dink hy is haar kêrel nie. Sy het nie 'n kêrel nie en sy wil ook nie 'n kêrel hê nie.
9. Antwoord:
Tieners "het ook goed om te koop" (bl. 191). / Tieners verkies om hulle eie goed (geskenke) te koop.
10. Antwoord:
Ben is bruin gebrand van die plaaswerk in die son (hy is nie meer so wit nie). Hy lyk ook waarskynlik anders omdat hy meer rustig is (hy is nie meer so angstig en gespanne soos voor hy op Hoopvol aangekom het nie).

- 11.** Antwoord:
Sy is waarskynlik weer hartseer oor Charl (haar verlies). Sy dink dalk terug aan hoe Charl gelyk het toe hy die Themp gedra het. Sy onthou dat hy baie lief was vir die Themp (dit veroorsaak dalk dat sy na hom verlang).
- 12.** Antwoord:
"Hy kyk vinnig weg, maar toe kyk hy weer" (bl. 192). / Hy is verstom dat sy mooi/heeltemal anders lyk.
- 13.** Antwoord:
Toe hy in Mayfair (Johannesburg) was. Dit was voor sy ma en Elma in die brand oorlede is.
- 14.** Antwoord:
Hy sal nie heelaand in Helena se pad wees nie. / Hy sal nie heelaand in haar geselskap wees nie.
- 15.** Antwoord:
Sy sê dat sy naam Ben is en dat hy vir haar pa werk. Sy sê hy is nie saam met haar nie (hulle is nie 'n paartjie nie). Hy gaan net vir 'n ruk op Soetwater/Hoopvol bly. Daarna gaan hy terug Johannesburg toe.
- 16.** Antwoord:
Die tieners (ouens en meisies) lyk maar dieselfde soos die spul tieners in Mayfair by 'n party gelyk het.
- 17.** Antwoord:
Mariaan. Sy is mooi. Sy het 'n hees stem, lang swart hare en 'n knopie in haar neus.
- 18.** Antwoord:
Ben en Kleynhans het saam voor die spieël geoefen om te dans toe hulle in graad agt was.
- 19.** Antwoord:
Die liedjie het 'n baie swaar en/of lekker ritme of klop (slag).
- 20.** Antwoord:
Iemand wat goed of mooi gebou is / iemand wat 'n besonder mooi lyf het.
- 21.** Antwoord:
Anton is lank met breë skouers. Hy lyk waarskynlik asof hy baie sportief en populêr is.
- 22.** Antwoord:
Hy ontmoet ander jongmense en maak 'n paar nuwe vriende. Hulle gesels oor gewone goed, soos rugby en meisies. / Hy hoef vir een aand nie bekommerd te wees oor sy pa nie, of sleg te voel oor sy ma en suster nie.
- 23.** Antwoord:
Ricky nooi hom om Saterdag saam vierwielmotorfiets (kwadmotorfiets) te ry op een van die buurplase.
- 24.** Antwoord:
Hy het meer vrede oor sy ma en suster se dood sedert hy op Hoopvol is. / Sy gewete pla hom nie meer so veel as voorheen nie. / Hy het vrede gevind op Hoopvol en op die plaas, Soetwater.
- 25.** Antwoord:
Ben (begin) hou van Helena (hy is dalk aangetrokke tot haar).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 6

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Ben sê hy dink sy ma het 'n huis op die dorp, Hoopvol, gehad.
2. Antwoord:
Onwaar. Hy was ouer as Ben se ma. Hy het haar nie goed geken nie. Hy onthou haar net vaagweg.
3. Antwoord:
Abel Lategan is die prokureur op die dorp. Hy sal dalk rekords hê wat sal aandui of Ben se ma wel enige eiendom op Hoopvol besit (of besit het).
4. Antwoord:
Tannie Liefie. Sy en Ben se ma (Nathalie) was goeie vriende - sy het Ben se ma (Nathalie) dus goed geken.
5. Antwoord:
Hy begin aan sy pa dink as 'n "gomgat" (slegte mens/boef/skurk) en 'n swerwer wat iewers in 'n tronk sit.
6. Antwoord:
desperaat / iewers / tronk / vergewe / niemand / perfek
7. Antwoord:
Jy mors op. / Jy doen iets verkeerd. / Jy versuim jou plig. / Jy verbrou iets.
8. Antwoord:
Abel het met haar oor eiendom gekorrespondeer. / Hulle het vir mekaar briewe geskryf/gestuur oor die eiendom.
9. Antwoord:
Onwaar. Ben (en die leser) weet nie waar Ben se pa is nie. Hy mag dalk in die tronk wees maar dalk is hy nie (in die tronk nie). Ben vermoed dat sy pa in die tronk is omdat sy pa 'n swerwer is (of was).
10. Antwoord:
Hy gaan die huis op Hoopvol verkoop. Wanneer sy pa uit die tronk kom gaan hulle Hoopvol verlaat en iewers heen gaan, soos Durban of Kaapstad. Hulle gaan vir hulle 'n huis koop. Hy sal teruggaan skool toe. Sy pa sal werk kry by 'n varsproduktemark of 'n meubelfabriek/(-plek). Saterdag sal hy die gras sny terwyl sy pa werk. Hulle sal DVD's kyk as daar nie 'n rugbywedstryd op die televisie is nie. Hulle sal ook lekker braai.

- 11.** Antwoord:
Eie mening: Sy mis haar oorlede seun, Charl. / Sy voel jammer vir Ben omdat hy sy ma verloor het, en dat hy nou net 'n huis het om hom aan haar te herinner. / Sy is hartseer omdat Ben nooit sy ma se geboorteplek besoek het voor sy ma oorlede is nie. / Sy huil van blydschap dat daar weer 'n seun op die plaas is.
- 12.** Antwoord:
Sy wou die huis eers later verkoop, sodra haar oudste seun (Ben) klaargemaak het met skool. Dan sou sy die huis verkoop het om die geld te gebruik om te betaal vir Ben se "naskoolse opleiding" (bl. 199).
- 13.** Antwoord:
onversorg / is onbewoon / min werd / tevrede / later
- 14.** Antwoord:
Hy hou nie daarvan om die roofdiere (rooikatte en jakkalse) dood te maak nie / uit te roei nie. Julies sê dat hy versigtig is en die roofdiere jammer kry.
- 15.** Antwoord:
"verpestings" (bl. 200) en "ongediertes" (bl. 201)
- 16.** Antwoord:
sinonieme
- 17.** Antwoord:
'n Sigaret (of pypie, ens.) rook. / 'n Kort tydjie afgestaan om te rook.
- 18.** Antwoord:
Julies en Charl het baie strikke gestel en baie roofdiere gevang. Waar oom Frans die ongediertes jammer kry, het Charl nie 'n probleem daarmee gehad om die rooikatte en jakkalse dood te maak nie / uit te roei nie.
- 19.** Antwoord:
"Sy sussie [Helena] is eintlik die boer. Sy weet hoe 'n plaas se kop werk. Maar in dié wêreld is die plaas mos maar die ding wat die seun kry." (bl. 201)
- 20.** Antwoord:
Die reën. / "Dit het gereën toe ons hom begrawe het" (bl. 201).
- 21.** Antwoord:
Rebekka (Helena se mak ooi/skaap).
- 22.** Antwoord:
Onwaar. Hy wil nie vir die res van sy lewe op 'n plaas werk nie. Hy wil teruggaan na Johannesburg.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 7

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
swanger / verwagkend
2. Antwoord:
Hy is ontsteld. Hy kan dit nie glo nie want Rebekka is reeds baie oud. / Hy is baie kwaad. Hy bel vir Julies om uit te vind hoe Rebekka by die ramme uitgekom het.
3. Antwoord:
Niemand weet wat gebeur het nie. / Niemand weet van die storie of wat die storie is nie.
4. Antwoord:
Hy dreig om haar na die abattoir (slagplaas/slagpale) te stuur.
5. Antwoord:
Nee. "Hy sal tog nie regtig nie [...]" (bl. 204)
6. Antwoord:
vergelyking
7. Antwoord:
Waar. Ben kan sien sy het al baie keer skape geskeer (sy het dit baie gedoen / het baie oefening daarmee).
8. Antwoord:
Hy byt op sy tande om sy frustrasie te beheer (nie sy humeur te verloor nie) sodat hy nie op haar skree nie.
9. Antwoord:
Oom Frans is baie beïndruk met hoe goed Ben gevaar het. Hy sê Ben het 'n natuurlike talent daarvoor. Hy het net 'n bietjie oefening nodig.
10. Antwoord:
"Is alles vir jou 'n blerrie game wat jy móét wen?" (bl. 205)
11. Antwoord:
"Wag maar, my beurt kom [...]" (bl. 205)

- 12.** Antwoord:
Ben besef dat hy nie sy lewe lank op Hoopvol en op die Van Eedens se plaas kan bly nie. / Dalk het Helena se houding teenoor hom, hom so sleg laat voel dat hy besef het hy sal nie vir ewig op die plaas kan bly nie.
- 13.** Antwoord:
Dit herinner Ben aan die ure wat hy en Kleynhans (sy beste vriend) saam "voor Kleynhans se PlayStation deurgebring het" (bl. 206). Hy en Kleynhans was Mayfair se kampioen PlayStation-speletjie spelers.
- 14.** Antwoord:
Dit dui aan dat Kleynhans se suster die nuwe speletjies uitgeneem het sonder om daarvoor te betaal.
- 15.** Antwoord:
Ben kry koue rillings omdat die dooie seun, Charl, nooit Hoofstuk 15 (Chapter 15) van Super Gangs sal speel nie / nooit weer vir Super Gangs sal speel nie / nooit vir Super Gangs klaar sal speel nie.
- 16.** Antwoord:
kampioen / vriende / Terrible Tony / T / mannetjie / Dragon Dangerous / D / altyd / bendeleiers / alliterasie / opgewonde
- 17.** Antwoord:
Hy wil vir Helena 'n les leer. / Hy wil sien hoe hanteer Helena dit om te verloor. / Hy wil ook 'n slag wen teen Helena. / Hy wil vir Helena wys dat hy "nie met hom [laat] speel nie" (bl. 208), m.a.w. dat hy nie met hom laat mors nie. / Hy wil haar terugkry vir die tye wat sy vir hom gelag het omdat hy nie so goed soos sy was met take op die plaas nie (byvoorbeeld, perdry en skape skeer).
- 18.** Antwoord:
Hy byt op sy tande om te keer dat hy uitbars van die lag / om te keer dat hy sy ware gevoelens laat blyk.
- 19.** Antwoord:
Ek sien, ek sien, het die blinde man aan sy dowe vriend gesê.
- 20.** Antwoord:
"genoegdoening" (bl. 209)
- 21.** Antwoord:
Sy sit die handkontrole hard neer en gryp Ben se leë koffiebeker. Dit dui aan dat sy vies is dat sy verloor het.
- 22.** Antwoord:
Hy het uiteindelik gewen teen Helena.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 8

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Oom Frans het die formule verander en Ben weet hoe om die nuwe formule te meng, want oom Frans het hom gewys hoe om dit te doen. Helena weet nie hoe om die nuwe formule te meng nie.
2. Antwoord:
"verontwaardig" (bl. 211)
3. Antwoord:
Hy wil eers kwaad word. / Hy wil eers rasend kwaad raak.
4. Antwoord:
Ben dink Helena probeer om Charl se plek op die plaas (en in die familie) in te neem of vol te staan. / Vandat Charl oorlede is probeer sy om beide die seun én die dogter vir haar ouers (in die huis en op die plaas) te wees.
5. Antwoord:
Helena kry 'n snaakse trek in haar oë (dit verklap haar emosie). Haar kop ruk asof iemand haar geklap het (asof Ben se woorde haar getref het / diep geraak het). Sy draai om en stap weg (om weg te kom).
6. Antwoord:
Ons dag het gekom.
7. Antwoord:
Vandag is die dag dat Ben en Prins vir Helena en Koning gaan wen (Helena en Koning gaan verbysteek).
8. Antwoord:
Hy wil haar leer dat sy nie altyd kan wen nie / dat dit nie altyd nodig is om te wen nie.
9. Antwoord:
Waar. ("Hy sal nie verbaas wees as sy teruggedraai het huis toe nie." [bl. 212])
10. Antwoord:
Dit beteken om sorgeloos/sorgloos te wees. / Om nie om te gee of bekommerd te wees oor wat gebeur nie.
11. Antwoord:
Helena sê hy is glad nie meer so happy-go-lucky nie - bedoelende dat hy voorheen was, maar nie nou is nie.

- 12.** Antwoord:
"Hy maak maar net so ter wille van my ma en van my." (bl. 213)
- 13.** Antwoord:
Haar pa dink dis sy skuld dat Charl dood is (omdat hy vir Charl 'n gevaarlike vierwielmotorfiets gekoop het).
/ Haar pa blameer homself vir Charl se dood (omdat hy vir Charl 'n gevaarlike vierwielmotorfiets gekoop het).
- 14.** Antwoord:
grootste / beste / gevaarlikste / bekommerd / jonk / groot / gevaarlike
- 15.** Antwoord:
Hy het gesê sy moet nie so vashou aan hulle seun nie. Hy glo 'n seun "moet die grense so effens kan toets om uit te vind waar hy staan" (bl. 213). / Hy glo 'n seun moet nie ingeperk word nie.
- 16.** Antwoord:
"n Mens moet laat gaan" (bl. 213).
- 17.** Antwoord:
Die ernstige uitdrukking op haar gesig.
- 18.** Antwoord:
Saterdag, net na vieruur in die middag. / Saterdagmiddag, net na vieruur.
- 19.** Antwoord:
"Dit was die eerste keer dat Charl by Ricky-hulle gaan ry het." (bl. 213)
- 20.** Antwoord:
Toe die dominee voor die Van Eedens se huis gestop het, het hy in sy motor bly sit en voor hom uitgestaar.
/ Hy het glad nie na die Van Eedens se huis gekyk nie. Hy het in sy kar gesit met sy kop onderstebo.
- 21.** Antwoord:
Waar. Hy het sy skoene en kouse uitgetrek toe hy by die poel aangekom het.
- 22.** Antwoord:
vergelyking
- 23.** Antwoord:
Onwaar. "Hy kry weer daardie rustige Karoo-gevoel." (bl. 214)
- 24.** Antwoord:
Ben streel op die ingewing van die oomblik oor Helena se hare. Hy verwag dat Helena sy hand gaan wegklap, maar sy glimlag eerder vir hom. Dit lyk asof Helena Ben se hand wil vat, "maar sy bedink haar" (bl. 214).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 9

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Oom Frans het Ben gevra om mediaverklarings en ander informasie op die internet op te soek aangesien daar bloednier ('n aansteeklike skaapsiekte) op 'n plaas anderkant Victoria-Wes uitgebreek het.
2. Antwoord:
Waar.
3. Antwoord:
stadig / skermsluier / klein / jonk / lag / anders / glimlag
4. Antwoord:
Ben sien sy pa op een van die foto's. "Hy versteen. Hy wil eers nie glo wat hy sien nie" (bl. 216).
5. Antwoord:
Ben se pa was 'n bobaasskeerder (d.i. 'n baie goeie skaapskeerder/kampioenskaapskeerder). Hy het, net soos Ben, niks geweet van skaapboerdery nie. Hy het egter baie vinnig geleer om skape te skeer. Hy het op een van die buurplase gewoon en vir omtrent 'n jaar op Soetwater en die ander plase in die omgewing gewerk.
6. Antwoord:
Oom Frans antwoord nie. Dan sê hy vir Ben om eers te kom sit. Daarna skik Oom Frans eers vir homself 'n glas whiskey en gee vir Ben 'n blikkie Coke. Hy vat sy tyd om vir Ben te antwoord.
7. Antwoord:
Dit het onverwags die vorige winter gesneeu (die sneeu was vreemd). Hulle is nie seker wat met Bobby gebeur het nie: hulle dink hy het op die sneeu gegly en by 'n krans afgeval, maar niemand weet wat gebeur het nie.
8. Antwoord:
'n Paar skape het vermis geraak op Soetwater en Bobby het hulle gaan soek. / Bobby wou maar net 'n entjie gaan stap, soos hy lief was om te doen. / Bobby wou gaan kyk het "hoe lyk dié wêreld in die sneeu" (bl. 217).
9. Antwoord:
"Ander mense sal dit dalk nie sommer raaksien nie, maar ons wat jou pa geken het ... Jy lyk op 'n haar soos jou pa toe hy jonk was." (bl. 217)

- 10.** Antwoord:
Hy wou hê Ben moes eers "rustig raak" (bl. 217) by hulle op die plaas, Soetwater / op Hoopvol.
- 11.** Antwoord:
Bobby het jare terug vir Nathalie 'n mooi roesrooi karoklip gegee.
- 12.** Antwoord:
Die groenigheid staan uit in die dorre bruin veld, asof dit nie eintlik daar hoort nie. Dis asof die groen landjie gekseer met die dorre bruin veld.
- 13.** Antwoord:
Ben skraap eers die volgende middag die moed bymekaar om sy pa se graf te gaan besoek. Hy vat sy tyd om teen die kop uit te stap. Hy gaan sit eers 'n rukkie op 'n klip om te rook. Voor hy by die begraafplaas se hekkie instap gaan sit hy weer 'n keer op 'n klip om te rook.
- 14.** Antwoord:
"Robert" is sy voornaam; "Benjamin" is sy tweede naam; en "Smit" is sy van. "Oil" en "Bobby" is sy byname.
- 15.** Antwoord:
Hy belowe dat hy nog dié maand gaan ophou rook.
- 16.** Antwoord:
Ben het nooit 'n pa gehad om te vertel van sy sportprestasies nie of om hom te ondersteun in sy sport nie, aangesien oom Luke (sy stiefpa) nie juis baie van sport gehou het nie (en nie baie tuis was nie).
- 17.** Antwoord:
kitskos-restaurant/eetplek
- 18.** Antwoord:
Hy wens hy was op Hoopvol sodat hy kon sien/ervaar hoe sy pa Skaapskeerder van die Jaar wen.
- 19.** Antwoord:
"Dit was net 'n ongeluk." (bl. 220)
- 20.** Antwoord:
Hy raak emosioneel. / Hy wil begin huil.
- 21.** Antwoord:
Onwaar. Hy is nie meer kwaad nie want hy weet nou vir seker dat sy pa nie geweet het van hom (Ben) nie. / Hy vergewe sy pa/maak vrede met die feit dat sy pa afwesig was. Hy weet sy pa het nie van hom geweet nie.



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 10

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
Vier rooikopseuntjies (oom Sakkie en tannie Annelie se kinders), 'n "ronde man met 'n bles" (bl. 221) (oom Sakkie, die polisiehoof) en 'n "vroutjie met kort, bruin hare" (bl. 221) (Oom Sakkie se vrou, tannie Annelie).
2. Antwoord:
"Annelie en Sakkie, dis Bobby en Nathalie se seun, Ben." (bl. 222)
3. Antwoord:
Sy vrou, Annelie. / Tannie Annelie.
4. Antwoord:
Hy is dalk verbaas dat Bobby en Nathalie 'n seun gehad het sonder dat hy daarvan geweet het. / Hy kan dalk nie glo dat Ben so baie na Bobby lyk nie. / Hy is dalk verbaas dat hy vir Nathalie in Ben kan sien.
5. Antwoord:
Hy is waarskynlik baie hartseer dat Nathalie oorlede is, want hy was baie lief vir haar (dalk het hy nooit opgehou om haar lief te hê nie).
6. Antwoord:
Tannie Liefie; 'n vrou met vrek [uiters] mooi bene, lang donker hare in 'n poniestert en 'n sonbril op.
7. Antwoord:
"Jou ma het nogal dadelik vir hom geval. So asof sy vir hom gewag het" / "Ek dink sy het dadelik geweet hy's die ou vir haar" (bl. 223).
8. Antwoord:
Oom Sakkie nooi Ben om saam met hom en oom Frans tydens Juniemaand te gaan jag. Juniemaand is ver weg en Ben weet nie of hy nog die volgende week op Hoopvol (en op Soetwater) gaan wees nie.
9. Antwoord:
"gestoei" (bl. 224)
10. Antwoord:
Nathalie het haar nie vertel dat sy swanger was met Bobby se kind (Ben) nie. / Sy was Nathalie se beste vriendin en het altyd alles van Nathalie geweet, maar sy het nie geweet dat Nathalie swanger was nie.

- 11.** Antwoord:
Jy is fisies aangetrokke tot iemand. / Jy is gaande oor iemand. / Jy is versot op iemand.
- 12.** Antwoord:
Olivia. Sy was aangerand. Net agter die hotel se parkeerterrein. Kevin het dit aan haar gedoen.
- 13.** Antwoord:
heelyd
- 14.** Antwoord:
Onwaar. Nathalie het baie gebel van Johannesburg om uit te vind of hulle enigiets van Bobby gehoor het.
- 15.** Antwoord:
Waar. Die laaste keer dat Liefie van Nathalie gehoor het, was toe sy met "die Engelsman" (oom Luke) getrou het. Daarna het Nathalie en haar familie getrek (verhuis) van die woonstel na die gehuurde huis in Mayfair.
- 16.** Antwoord:
Die feit dat Bobby nooit geweet het van Ben (sy seun) nie (dat hy 'n seun het nie).
- 17.** Antwoord:
Eers ná tannie Lettie se dood. "Dit was eers ná haar dood dat Olivia met die storie uitgekom het." (bl. 226)
- 18.** Antwoord:
Tannie Liefie het hom vertel dat Nathalie getroud is (met die Engelsman, oom Luke). Dit was toe dat Bobby waarskynlik besef het "sy is vir altyd vir hom verlore" (bl. 226) / dat daar nie vir hulle 'n toekoms is nie.
- 19.** Antwoord:
Bobby was steeds lief vir Nathalie en kon dus met niemand anders trou nie. Hy kon haar nie vergeet nie.
- 20.** Antwoord:
Beide Sakkie en Bobby kon nie vir Nathalie vergeet nie (kon haar nie ophou liefhê nie). Sakkie het dit reggekry om wel iemand anders lief te kry en met haar te trou. Bobby kon nooit iemand anders so lief hê soos vir Nathalie nie en het nooit getrou nie, alhoewel hy met 'n paar meisies uitgegaan het.
- 21.** Antwoord:
"[...] Ben sien sy loer vinnig onderlangs na oom Frans." (bl. 227)
- 22.** Antwoord:
Tannie Lettie. Ben noem haar 'n koei omdat hy kwaad is vir haar, want sy het veroorsaak dat hy nooit 'n pa gehad het nie / nooit sy pa geken het nie / sy hele lewe lank sonder 'n regte pa grootgeword het. As sy Bobby se nommer (boodskap) vir Nathalie gegee het, dan sou hulle mekaar gevind het en sou Ben 'n pa gehad het (want Bobby sou dan geweet het dat Nathalie swanger was met sy kind [Ben]).



Kort Vrae in Konteks

Hoofstuk 11

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1.
 - 1.1 Antwoord:
Winnie Mandela was 'n Suid-Afrikaanse anti-apartheidsaktivis. / 'n Politiese figuur in postapartheid Suid-Afrika. / 'n Suid-Afrikaanse aktivis en politikus. / Die eerste vrou van oud-president Nelson Mandela.
 - 1.2 Antwoord:
Olive Schreiner was 'n bekende Suid-Afrikaanse skrywer, pasifis, feminis en intellektueel. Een van die Karoo se ikone. / "[...] een van die ikone van die Karoo" (bl. 228). / 'n Suid-Afrikaanse aktivis (feminis) en skrywer.
2. Antwoord:
Die vuil huis lyk of dit voorheen wit geverf was. Die openinge in die vensterrame is met planke toegeslaan.
3. Antwoord:
"Haai, kyk" (bl. 228).
4. Antwoord:
Sy dink die huis is goed geleë omdat dit "net om die hoek van die hoofstraat [is]". Sy dink ook die huis het 'n "eg Karoo" persoonlikheid (bl. 228).
5. Antwoord:
"die lang gang wat reguit na die agtertuin loop". (bl. 228) / "baie groot vertrekke" (bl. 228). / Die huis is baie naby aan die sygaardjie ("Dis net sowat twee tree van die sygaardjie tot by die voordeur" [bl. 228]).
6. Antwoord:
vuil / verwaarloos / voordeur / oop / skemer / toe / bedompig
7. Antwoord:
Die foto is destyds geneem op 'n Saterdag in die parkie, tydens Nathalie se laaste kerkbasaar op Hoopvol. Liefie / Olivia / pastoor Chalmers / Ben se ma (Nathalie) / (moontlik) Ben se pa (Bobby).
8. Antwoord:
Onwaar. Pastoor Chalmers het weggeloop met juffrou September.
9. Antwoord:
Pastoor Chalmers en mevrou Chalmers. Hulle was haar wettige voogde (na haar ouers gesterf het).

- 10.** Antwoord:
"oornag" (bl. 229)
- 11.** Antwoord:
"Hierdie ou plekkie het ook maar sy fair share van drama gehad." (bl. 229)
- 12.** Antwoord:
"glimlag moeg" (bl. 229)
- 13.** Antwoord:
"uit fokus" (bl. 229)
- 14.** Antwoord:
"erfporsie" (bl. 229)
- 15.** Antwoord:
Ek het so groot geskrik, my hart het byna gaan staan / dit het my amper hartversaking gegee.
- 16.** Antwoord:
Sy stel voor dat hulle Ben se huis in 'n gastehuis verander. Ben verskaf (gee) die perseel en oom Frans verskaf (gee) die geld vir die regmaak van die huis, asook vir die bemarking (advertering, 'n webtuiste, ensovoorts).
Hulle sal dan later vir oom Frans die geld terugbetaal.
- 17.** Antwoord:
Sy ontferm haar oor Ben en wil graag vir hom 'n tuiste (en familie) gee. / Ben het alles in Johannesburg verloor (daar is niks oor nie). / Die huis op Hoopvol is nie veel werd nie (hy sal nie baie geld kry nie). / Sy geniet dit om weer 'n seun in die huis te hê, dus wil sy nie hê hy moet gaan nie (wil sy hê hy moet bly).
- 18.**
- 18.1** Antwoord:
Hy verbeel hom dat hy 'n swart vlekke (geboortemerk) op die seun se elmboog kan sien.
- 18.2** Antwoord:
Hy sny "die stukkie van sy ma en die mens langs haar uit die foto en sit dit in sy beursie" (bl. 231).
- 18.3** Antwoord:
Hy doen dit omdat hy graag 'n foto van sy ouers wil hê. / Hy dink die persoon langs sy ma is dalk sy pa en hy wil graag 'n foto van sy ma en pa saam hê (dit is die enigste foto van sy ma en pa wat hy het).
- 19.** Antwoord:
"silhoeët" (bl. 231)

20. Antwoord:

Hy het nie geweet hoe lyk 'n mens se kind dood nie. / Hy was bang om te sien hoe lyk sy seun se lyk. /
Hy was bang om sy dooie seun te sien.

21. Antwoord:

"Ouboeta, niks meer moeilike somme vir jou nie" / "Hy [Charl] en die somme was nie so lekker nie" (bl. 232).

22. Antwoord:

"Ek mis hom nogal kwaai." (bl. 232)

23. Antwoord:

"wintie" (bl. 232)

24. Antwoord:

Hy was my gunsteling. / Hy was my liefingseun. / Ek was besonders geheg aan hom / lief vir hom.

25. Antwoord:

Hy ontferm hom oor Ben en wil graag vir hom 'n tuiste (en familie) gee. / Hy geniet dit om weer 'n seun in
die huis en op die plaas te hê, dus wil hy nie hê hy moet gaan nie (wil hy hê hy moet bly).

26. Antwoord:

Sy wil hê hy moet haar help met Rebekka (die ou ooi/skaap) wat besig is om te lam (geboorte te gee).

27. Antwoord:

Haar pa sal nie gelukkig wees as sy hom oor Rebekka wakker maak nie.

28. Antwoord:

buite / helwarm / yskoud / bibber / pikdonker

29. Antwoord:

Sy lyk asof sy wil huil, "haar gesiggie is klein en bleek" (bl. 233) en haar hare is deurmekaar. / Sy is so
bekommerd oor Rebekka dat sy nie so selfversekerd lyk soos gewoonlik nie.

30. Antwoord:

Een van die lammetjie se pootjies sit vas.

31. Antwoord:

Hy wikkel die lammetjie se een pootjie versigtig nader aan die lammetjie se lyfie. Hy plaas sy ander hand
versigtig om die lammetjie se nekkie. Hy trek die lammetjie versigtig uit en die lammetjie glip uit.

32. Antwoord:

Jy het dit gedoen, Ben!

- 33.** Antwoord:
Koffie en beskuit. / Koffie en anysbeskuit.
- 34.** Antwoord:
"[...] ek is bly jy is die nuwe boetie op die plaas" (bl. 235).
- 35.** Antwoord:
Dit is te naby aan opstaantyd.
- 36.** Antwoord:
Almal slaap, insluitend Helena en selfs die honde.
- 37.** Antwoord:
Hy gaan na die begraafplaas (hy gaan sit op die klip buite die begraafplaas).
- 38.** Antwoord:
Waar. "Hy kry weer daai vredige Karoogevoel [...]" (bl. 236)
- 39.** Antwoord:
Kleynhans sal waarskynlik 'n diploma kry. Daarna sal hy saam met sy pa by Transnet gaan werk. Hy sal met 'n gawe ("nice") meisie trou en, as hulle dit kan bekostig, 'n huis in Mayfair koop.
- 40.** Antwoord:
Die plaas is so geweldig anders as die stad (Johannesburg) waaraan Kleynhans gewoon is, dat dit net sowel op 'n ander planeet kan wees.
- 41.** Antwoord:
Kleynhans is baie sportief (goed met sport).
- 42.** Antwoord:
Hulle kan later gaan perdry.
- 43.** Antwoord:
Hy beplan om aan te bly op Soetwater (en Hoopvol). Hy los 'n nota vir tannie Nonnie om te sê dat hulle gastehuis se naam "Bonalie" gaan wees: dit dui daarop dat hy definitief op Soetwater (en Hoopvol) gaan bly; dus nie teruggaan Mayfair toe nie.
- 44.** Antwoord:
Dit is saamgestel uit die eerste twee letters van die noemnaam "Bobby", en die eerste twee letters en laaste drie letters van die voornaam "Nathalie": BOBBY + NATHALIE = BONALIE.



Kort Vrae in Konteks Nagedagte

Let Op: Lees aandagtig deur die kontekstuele vrae sodat jy weet waarop jy moet let.

1. Antwoord:
'n Klein boksie met Ben se ma (Nathalie) en suster (Elma) se as (liggaamlike oorskot).
2. Antwoord:
Hy is verbaas dat die boksie in die pakkie so klein is.
3. Antwoord:
Ben het dalk verwag dat hy sy ma en suster se bekende reuke in die as sou kon ruik.
4. Antwoord:
Na die begraafplaas op Soetwater (sy pa se graf). / Na die Van Eeden-familiebegraafplaas (sy pa se graf).
5. Antwoord:
Julies (een van oom Frans se plaaswerkers).
6. Antwoord:
Die klein boksie met sy ma (Nathalie) en suster (Elma) se as (liggaamlike oorskot). / Die karooklip wat Ben se ma altyd in haar handsak gedra het. / Die karooklip wat Bobby destyds vir Nathalie gegee het.
7. Antwoord:
Afrikaanse Verbond Begrafnis Ondernemer Bep. / AVBOB is begrafnisondernemers en verskaf ook begrafnis assurance.
8. Antwoord:
Hy het 'n nuwe plaatjie laat maak met almal se name op (dus, sy pa, sy ma en sy suster). / Hy het 'n nuwe plaatjie wat hy in die plek van die oue gaan opskroef.
9. Antwoord:
Helena se perd (waarskynlik Koning).
10. Antwoord:
Ben sê dat sy self kan braai, aangesien sy dink dat sy enigiets beter as 'n man kan doen.
11. Antwoord:
Hy gaan haar vanaand in die agtertuin vasdruk "en soen soos sy nog nooit gesoen is nie" (bl. 239).
12. Antwoord:
Dit dui aan dat hulle waarskynlik 'n meer intieme vriendskap (dalk 'n liefdesverhouding) gaan ontwikkel.



OPvoedkundige LETterkunde



Leidrade & Oplossings

Blink Planne vir Klaskamerspanne™



. Motiveer . Inspireer . Presteer .





Blink Planne vir Klaskamerspanne™

Algemene Vraag: Ben se Slaapplekke

Let Op: Lees aandagtig deur die algemene vraag sodat jy weet waarop jy moet let.

DEEL I

Hfst. 2

Ben raak op die trein aan die slaap. Hy skrik verward wakker toe die trein skielik ruk/beweeg. (bl. 16)

Hfst. 4

Ben slaap op die koue sementvloer in een van die toilethokkies van die Pretoria-treinstasie. Hy sukkel aanvanklik om te slaap - die gebeure van daardie aand spook by hom. Hy raak wel aan die slaap - ongeveer om twaalfuur (00:00) die aand. Die volgende oggend om sesuur (06:00) skrik hy wakker as gevolg van 'n herhaalde dowwe (doef)geluid (bl. 24) - dit is die skoonmaker ('n man) wat besig is om die stasietoilet se vloer te vee.

Hfst. 6

Ben slaap op die stukkie sement voor die stoorkamer (verlate geboutjie) aan die westekant van die varsproduktemark. Hy gebruik sy rugsak as 'n kussing en raak dadelik aan die slaap. Hy slaap onrustig - hy het 'n nagmerrie. (bl. 48) (Sien "Droom-motief".)

Hfst. 8

Ben slaap op 'n hoop leë Eagletons-groentesakke op die kaal sement in die binnepleintjie by die verlate stoorkamer. Hy slaap elke aand onrustig - hy kry nagmerries. Hy skrik natgesweet wakker. (bl. 56-57)

Hfst. 16

Ben slaap (waarskynlik op 'n bed) in 'n huurkamer (agterkamertjie op iemand se erf). Die huurkamer is redelik naby aan die Spur-restaurant waar hy werk - Alta het dié blyplek vir hom gekry. Hy is bang om saans te gaan slaap (hy sukkel om te slaap/hy slaap elke aand onrustig) - hy kry elke aand nagmerries. Hy skrik natgesweet wakker. (bl. 102) (Sien "Droom-motief".)

Hfst. 20

Ben probeer slaap (op 'n smal, harde bed) in 'n huurkamer (agterkamertjie op iemand se erf). Hy sukkel om te slaap (aan die slaap te raak). Hy lê lank en rondrol in sy bed omdat hy iets (sy pa) op die hart het / deur iets (sy begeerte om 'n pa te hê /verlange om sy pa te vind) gehinder word. Hy staan op en gaan sit buite. Hy besluit dat hy een laaste keer gaan probeer om sy pa te vind by Houtgerus-meubelfabriek.

DEEL II**Hfst. 2**

Ben slaap op 'n bed in 'n buitekamer. Die buitekamer is op die agterstoep van die Van Eedens se plaashuis op Soetwater. Hy is moeg en raak maklik aan die slaap. Hy slaap waarskynlik rustig. Hy raak 19:00 wakker van 'n geklop aan die kamerdeur - dit is Arlien (die huishulp) wat hom vir aandete kom roep, want hy is laat/het verslaap. Hy is aanvanklik verward (deurmekaar) want hy weet nie waar hy is nie.

Hfst. 3

Ben slaap op 'n bed in 'n buitekamer. Die buitekamer is op die agterstoep van die Van Eedens se plaashuis op Soetwater. Hy slaap waarskynlik rustig. Hy raak laat in die aand wakker, ná 00:00 (vroeg in die oggend ná 00:00), van 'n geklop aan die kamerdeur - dit is oom Frans (die plaaseienaar/boer) wat hom vir ontbyt kom roep. Hy is nog vaak/slaperig, want dit is skemer (donker) / "nog nag" (bl. 172).

Hfst. 5

Ben lê wakker op sy bed in die buitekamer. Die buitekamer is op die agterstoep van die Van Eedens se plaashuis op Soetwater. Terwyl Ben op die bed lê, "besef hy dat hy nog nie een nagmerrie gehad het vandat hy op Hoopvol beland het nie" (bl. 195). Hy is dus bevry van sy nagmerries (angsdrome). Hy raak daardie aand dus waarskynlik maklik aan die slaap. Hy slaap daardie aand waarskynlik weer rustig.

Hfst. 11

Ben slaap op 'n bed in 'n buitekamer. Die buitekamer is op die agterstoep van die Van Eedens se plaashuis op Soetwater. Hy slaap rustig. Hy raak laat in die aand wakker van 'n geklop aan die kamerdeur - dit is Helena wat hom kom roep want Rebekka lam (gee geboorte aan haar lammer) en sy het sy hulp nodig. Hy is nog vaak/slaperig, want dit is "pikdonker" (bl. 232). Later kan hy nie weer aan die slaap raak nie; hy is vroeg die oggend, kort voor dagbreek, nog wakker "[d]ie son gaan binnekort opkom" en "dis te naby aan opstaantyd" (bl. 235). Hy bly dis op / gaan slaap nie weer nie.



Riglyne, Oplossings en Antwoorde:

Vrae vir Voorbereiding

Blink Planne vir Klaskamerspanne!

e-Antwoordgids te koop beskikbaar.

Besoek www.seiklo.co.za vir meer inligting.

. Motiveer . Inspireer . Presteer .



Besiek Seiklo Uitgewers
Skander die QR-kode
met jou slimfoon of tablet
www.seiklo.co.za

info@seiklo.co.za

f FACEBOOK.COM/SEIKLO

t TWITTER.COM/SEIKLO

g GOLUS.TO/SEIKLO



Seiklo
PUBLISHERS UITGEWERS